# DIE GESKIKTHEID VAN BIBLIOTERAPEUTIESE LEESSTOF VIR GEVANGENES IN SUID-AFRIKA

**Sandra van der Wateren, B.Bibl**

**Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Bibliothecologiae in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**

**Leier : Prof. C.A. Lohann**
**Hulpleier : Mnr. J.G.S. Bosch**

**Potchefstroom**
**1991**

# INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD

OPSOMMING

ABSTRACT - The suitability of bibliotherapeutic reading matter for prisoners in South Africa

AFDELING A : INLEIDING

HOOFSTUK 1 : NAVORSINGSBEPLANNING

1.1 Tema ..... 1
1.2 Probleemstelling ..... 1
1.3 Doelstellings ..... 1
1.4 Hipotese ..... 1
1.5 Afbakening van terrein en definiëring van begrippe ..... 2
1.6 Ondersoekmetodes ..... 3
1.7 Raamwerk ..... 3
1.8 Grondslag van die studie ..... 4

AFDELING B : BIBLIOTERAPIE

HOOFSTUK 2 : BEGRIPSOMLYING EN PROSES

2.1 Wat is biblioterapie? ..... 6
2.2 Die verloop van die biblioterapeutiese proses ..... 7
2.2.1 Herkenning ..... 8
2.2.2 Identifikasie ..... 8
2.2.3 Projeksie of verplasing ..... 9
2.2.4 Katarsis of suiweringsproses ..... 9
2.2.5 Insig ..... 10
2.2.6 Verandering in houding en gedrag ..... 11

HOOFSTUK 3 : DIE WAARDE VAN BIBLIOTERAPIE

3.1 Biblioterapeutiese doelwitte ..... 15
3.1.1 Verbetering van die vermoë om te reageer ..... 15
3.1.2 Verbetering van selfagting ..... 16
3.1.3 Verbetering van interpersoonlike verhoudings ..... 16

3.1.4 Verbetering van werklikheidsiening ................................ 17

AFDELING C : DIE GEVANGENE

HOOFSTUK 4 : DIE DEPARTEMENT VAN KORREKTIEWE DIENSTE

4.1 Die missie en werksaamhede van die Departement van Korrektiewe Dienste ................................ 18
4.2 Korrektiewe dienste in 'n gevangenis ................................ 19
4.2.1 Onderwys- en opleidingsprogramme ................................ 20
4.2.1.1 Onderwysprogramme
4.2.1.2 Rekreasieopvoedingsprogramme ................................ 20
4.2.1.3 Weerbaarwordingsprogramme ................................ 21
4.2.1.4 Opleiding van gevangenes ................................ 21
4.2.2 Godsdienstige programme ................................ 22
4.2.3 Maatskaplikewerkdienste ................................ 22
4.2.4 Sielkundige dienste ................................ 22
4.3 Die voorregteprogram ................................ 23
4.4 Vrylating van gevangenes ................................ 25

HOOFSTUK 5 : BEHANDELINGSPROGRAMME VAN JEUGDIGES IN DIE GEVANGENIS

5.1 Die observasie-eenheid ................................ 27
5.2 Die behandelingseenheid ................................ 27
5.3 Die ontslagvoorbereidingseenheid ................................ 28

HOOFSTUK 6 : BIBLIOTERAPIE IN DIE TOEPASSING VAN BEHANDELINGSPROGRAMME

6.1 Die waarde van lees ................................ 30
6.2 Die gevangenisbiblioteek ................................ 30
6.3 'n Eksperiment ten opsigte van biblioterapie ................................ 31
6.4 Die waarde van 'n biblioterapeuties geskikte boek in 'n gevangenis ................................ 31
6.5 Die leesgedrag van die gevangene ................................ 33
6.6 Gevallestudie ................................ 33
6.7 Leserleiding in die gevangenisbiblioteek ................................ 35

AFDELING D : KEURING VAN LEESSTOF

HOOFSTUK 7 : RIGLYNE WAARVOLGENS DIE GESKIKTHEID VAN LEESSTOF BEPAAL WORD


7.1 Die gevangene ... 36
7.2 Die leesstof ... 37
7.2.1 Temas ... 37
7.2.1.1 Universele tema ... 38
7.2.1.2 Geloofwaardige tema ... 38
7.2.1.3 Positiewe tema ... 38
7.2.2 Styl van die leesstof ... 39
7.2.2.1 Taalgebruik in die verhaal ... 39
7.2.2.2 Karakterbeelding in die verhaal ... 39
7.2.2.3 Verbeeldingrykheid van die leesstof ... 40
7.2.2.4 Milieu van die verhaal ... 40


HOOFSTUK 8 : NORME VIR BIBLIOTERAPEUTIESE LEESSTOF


8.1 Leesbelangstelling van die gevangene ... 41
8.2 Norme vir die seleksie van boeke ... 42


HOOFSTUK 9 : DIE GEVANGENE SE BELEWING VAN SY MILIEU


9.1 Ontbering van vryheid ... 44
9.2 Ontbering van persoonlike besittings ... 45
9.3 Ontbering van heteroseksuele verhoudings ... 45
9.4 Ontbering van sekuriteit ... 45
9.5 Voorbeelde van boeke met moontlike biblioterapeutiese waarde ... 46


HOOFSTUK 10 : ANALISE - *RONDOMTRALIE*


10.1 Gevangene as indidivu ... 50
10.2 Universele tema ... 51
10.3 Karakters ... 51
10.4 Positiewe aanbieding ... 52
10.5 Stimulering van verbeelding ... 52
10.6 Vergestalting ... 53
10.7 Taal en styl ... 54
10.8 Milieu ... 55

HOOFSTUK 11 : ANALISE - *WINTERWERF IN DIE KAVANGO*

11.1 Gevangene as individu .................... 57
11.2 Universele tema .................... 57
11.3 Karakters .................... 58
11.4 Positiewe aanbieding .................... 59
11.5 Stimulering van verbeelding .................... 60
11.6 Vergestalting .................... 60
11.7 Taal en styl .................... 61
11.8 Milieu .................... 61

HOOFSTUK 12 : ANALISE - *FLUISTERGESPREKKE*

12.1 Gevangene as individu .................... 63
12.2 Universele tema .................... 64
12.3 Karakters .................... 64
12.4 Positiewe aanbieding .................... 64
12.5 Stimulering van verbeelding .................... 65
12.6 Vergestalting .................... 65
12.7 Taal en styl .................... 66
12.8 Milieu .................... 66

HOOFSTUK 13 : BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

13.1 Bevindings .................... 68
13.2 Aanbevelings .................... 70
13.2.1 Aanbevelings ten opsigte van die teorie .................... 70
13.2.2 Aanbevelings ten opsigte van die praktyk .................... 70

BIBLIOGRAFIE .................... 72

# VOORWOORD

Hiermee betuig ek my opregte dank aan:

- my studieleier, prof. C.A. Lohann, vir sy bekwame leiding en voortdurende aanmoediging. Dit was 'n voorreg om hom as studieleier te kon hê.

- my hulpleier, mnr. J.G.S. Bosch, vir opbouende kritiek en hulp.

- my interne studiebegeleier in die Departement van Korrektiewe Dienste, majoor J.D. Fourie, en ook lt-kol. G. Wissing vir advies en daadwerklike hulp.

- die Departement van Korrektiewe Dienste vir die gebruik van amptelike dokumente.

- die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir finansiële bystand. Menings en gevolgtrekkings in hierdie studie moet nie aan die Instituut vir Navorsingsontwikkeling toegeskryf word nie.

- mev. E.C. Nothnagel vir die professionele taalversorging.

- my ouers vir voortdurende aanmoediging en ondersteuning.

**SOLI DEO GLORIA**

# OPSOMMING

Biblioterapie dek 'n wye terrein en kan dus wyd toegepas word. Daarvoor is 'n biblioteek, met 'n versameling geskikte leesstof waartoe die gemeenskap vryelik toegang het, essensieel. Die gevangene verkeer egter in isolasie ten opsigte van hierdie fasiliteit. Hierdie teenstelling word geneem as vertrekpunt vir die ondersoek na biblioterapeutiese leesstof vir gevangenes in Suid-Afrika. Die probleemstelling in hierdie skripsie word ontleed vanuit drie gesigspunte naamlik biblioterapie, die gevangene en die toepassing van biblioterapie in penologiese verband.

Daar is verskeie behandelingsprogramme in die Departement van Korrektiewe Dienste wat gerig is op die rehabilitasie van gevangenes. Rehabiblitasie van die gevangene veronderstel hersosialisering en dus die wisselwerking tussen die individu en die aanvaarde norme en waardestelsels van die gemeenskap. Deur die toepassing van biblioterapie kan 'n moontlike bydrae gelewer word tot die hersosialisering van 'n gevangene.

Tydens die navorsing is norme bepaal vir die beoordeling van leesstof met die oog op biblioterapeutiese waarde. Daar is tot die slotsom gekom dat daar leesstof bestaan wat biblioterapeuties aangewend kan word as deel van die behandelingsprogram van 'n gevangene. Op grond hiervan is enkele aanbevelings in die verband gemaak.

# ABSTRACT

## THE SUITABILITY OF BIBLIOTHERAPEUTIC READING MATTER FOR PRISONERS IN SOUTH AFRICA

As bibliotherapy covers a wide domain it can be applied extensively. For that purpose a library, which accommodates a collection of suitable reading matter to which the community freely has access, is essential. The prisoner is in isolation, however, with regard to this facility. This contrasting situation serves as a point of departure for the investigation into bibliotherapeutic reading matter for prisoners in South Africa. The problem postulated in this paper is analysed from three points of view, *viz* bibliotherapy, the prisoner and the implementation of bibliotherapy in penological context.

There are various therapy programmes in the Department of Correctional Services which are aimed exclusively at the rehabilitation of prisoners. Rehabilitation of the prisoner implies resocialising and thus the interaction between the individual and the accepted norms and value systems of the community. By the implementation of bibliotherapy a possible contribution can be made to the resocialising of the prisoner.

During the investigation norms were established for the evaluation of reading matter for the purpose of bibliotherapeutic value. The conclusion drawn from this investigation is that reading matter which can be successfully employed as part of the therapy programmes for the prisoner does in fact exist. On these grounds certain recommendations were made in this regard.

# AFDELING A : INLEIDING

## HOOFSTUK 1 : NAVORSINGSBEPLANNING

### 1.1 TEMA

'n Ondersoek na die geskiktheid van biblioterapeutiese leesstof aan gevangenes in Suid-Afrika.

### 1.2 PROBLEEMSTELLING

Leesstof is 'n determinant in persoonlikheidsontwikkeling omdat dit 'n uitwerking op die persoonlikheid kan hê. Rehabilitasie van die gevangene veronderstel hersosialisering en dus die wisselwerking tussen die individu en die aanvaarde norme en waardestelsels van die gemeenskap. Die sosiale afstand tussen die gevangene en die gemeenskap kan met biblioterapeutiese leesstof oorbrug word. Daarom is dit 'n vraag of daar wel leesstof bestaan wat op gevangenes 'n uitwerking kan hê en biblioterapeuties aangewend kan word.

### 1.3 DOELSTELLINGS

1.3.1 Om, in die lig van die aard en eise van biblioterapie, en in die lig van die tipering van Suid-Afrikaanse gevangenes, norme te bepaal waaraan leesstof moet voldoen om biblioterapeuties geskik te wees.

1.3.2 Om met behulp van genoemde norme voorbeelde van boeke vir biblioterapeutiese doeleindes met gevangenes te evalueer.

### 1.4 HIPOTESE

1.4.1 Daar bestaan leesstof wat vir biblioterapie met gevangenes aangewend kan word.

1.4.2 Spesifieke norme kan bepaal word vir die beoordeling van leesstof met die oog op die biblioterapeutiese waarde daarvan.

1.4.3 Spesifieke boeke wat as sodanig geëvalueer is, kan aangewys word.

## 1.5 AFBAKENING VAN TERREIN EN DEFINIëRING VAN BEGRIPPE

1.5.1 Daar word nie gepoog om in afdeling B biblioterapie as verskynsel in diepte te bestudeer nie, aangesien dit reeds herhaaldelik gedoen is. Sekere aannames word gemaak sonder om in diepte daarop in te gaan.

1.5.2 In die tweede plek word ook nie 'n indringende studie in afdeling C gemaak van die gevangenisopset in Suid-Afrika of die gevangene as sodanig nie, aangesien hierdie terrein reeds deur ander navorsers gedek is. Ook hier word dus slegs 'n kort oorsig gegee.

1.5.3 Die klem in hierdie skripsie val op die identifisering van norme in afdeling D vir die evaluering van leesstof wat vir biblioterapeutiese doeleindes met gevangenes aangewend kan word.

- Vir doeleindes van hierdie studie, word 'n GEVANGENE beskou as 'n persoon wat weens die pleeg van 'n misdaad, vir 'n langer of korter termyn, in 'n gevangenis in Suid-Afrika in bewaring aangehou word.

- BIBLIOTERAPIE is 'n proses van interaksie tussen die leesstof en die leser (vir doeleindes van hierdie skripsie 'n gevangene), waardeur die leser gehelp kan word om moontlik 'n probleem te verklein of op te los.

- LEESSTOF is vir doeleindes van hierdie skripsie geselekteerde Afrikaanse boeke wat gelees kan word met die oog op moontlike biblioterapeutiese waarde. Engelse boeke word nie betrek nie omdat daar al dergelike ondersoeke met betrekking tot Engelse boeke gedoen is.

Omdat melding gemaak word van didaktiese en kreatiewe leesstof, volg 'n omskrywing van dié begrippe. Didaktiese leesstof *verduidelik* menslike gedrag en emosies, terwyl kreatiewe leesstof menslike gedrag en emosies *uitbeeld* (Van der Linde, 1986:47). Leesstof kan didakties wees en dus inligting oordra, of fiktief

wees en identifikasie met karakters bevorder, om sodoende probleemoplossing te bewerkstellig (Van der Linde, 1988:261). Duidelikheidshalwe moet gestel word dat leesstof inligting kan oordra en/of identifikasie met karakters kan bevorder. Dit kan geld vir vaklektuur sowel as vir fiksie.

Die begrip *misdaad* word beskou soos wat Van der Walt (1982:27) dit omskryf. Ooreenkomstig die regtelike (wetlike) opvatting is 'n misdaad enige handeling wat deur die reg (wet) verbied word of die nalating van 'n handeling wat deur die reg (wet) gebied word.

## 1.6 ONDERSOEKMETODES

Eerstens 'n LITERATUURSTUDIE, ten einde 'n kort oorsig te gee oor biblioterapie, veral met betrekking tot die biblioterapeutiese proses en die waarde wat dit kan inhou.

In die tweede plek 'n LITERATUURSTUDIE oor die gevangene, veral met betrekking tot die opset in Suid-Afrika en behandelingsprogramme in die gevangenis.

Derdens ONDERHOUDVOERING met lede van die Departement van Korrektiewe Dienste, 'n oudgevangene en 'n assistentstadsbibliotekaresse ten einde meer agtergrondinligting te verkry.

In die vierde plek 'n ANALISE, ten einde die geskiktheid van geselekteerde leesstof vir biblioterapeutiese doeleindes te bepaal.

## 1.7 RAAMWERK

Hierdie studie bestaan uit vier afdelings wat handel oor die navorsingsbeplanning, biblioterapie, die gevangene en die geskiktheid van biblioterapeutiese leesstof vir Suid-Afrikaanse gevangenes.

Die afdeling oor biblioterapie gee 'n kort oorsig oor die verloop van die biblioterapeutiese proses in hoofstuk twee en die waarde van biblioterapie in hoofstuk drie.

Vervolgens word daar in die afdeling oor die gevangene kortliks gekyk na die Departement van Korrektiewe Dienste en behandelingsprogramme in die gevangenis met spesifieke verwysing na jeugdiges (vergelyk hoofstukke vier en vyf). Biblioterapie as deel van die behandelingsprogramme in gevangenisse in Suid-Afrika is tot dusver 'n nog onontginde veld. Daar bestaan ook bykans geen bronne oor die toepassing van biblioterapie aan gevangenes nie. Daarom word in hoofstuk ses gekyk na die plek van biblioterapie in die toepassing van behandelingsprogramme.

In die laaste afdeling word riglyne gestel waarvolgens die geskiktheid van leesstof bepaal word (hoofstuk sewe). In hoofstuk agt word norme gegee vir die keuring van biblioterapeutiese leesstof vir gevangenes. Daar word ook kortliks gekyk na die gevangene se belewing van sy milieu in hoofstuk nege. Daarna volg 'n analise van enkele Afrikaanse boeke ten einde die geldigheid van die gestelde norme te toets.

Die bevindings en aanbevelings wat uit hierdie studie volg, word in die laaste hoofstuk uiteengesit.

## 1.8 GRONDSLAG VAN DIE STUDIE

Misdaad as benadelingsverskynsel in die gemeenskap is alreeds sedert die bestaan van die mens 'n vraagstuk. Dit verbreek die ordelike voortbestaan van 'n gemeenskap wat beheer word deur aanvaarde norme van die gemeenskap soos uitgedruk in die wette van die staat.

Elke mens word gebore met sekere persoonlikheidseienskappe en hy ontwikkel binne 'n bepaalde gemeenskap. Die ontplooiing en selfverwesenliking van 'n spesifieke individu hang af van dié twee genoemde faktore. Wanneer die individu nie voldoen aan die aanvaarde norme en waardes van die gemeenskap nie, is nie net die individu nie, maar ook die gemeenskap in geheel vir die ontstaan van sy probleem verantwoordelik. As 'n individu tot verantwoording geroep word vir sy dade en in 'n gevangenis geplaas word as gevolg daarvan, is dit die taak van die Departement van Korrektiewe Dienste om toe te sien dat sover moontlik alles gedoen word om te voorkom dat die gevangene, na sy vrylating, weer terugval in 'n misdaadpatroon. Met ander woorde, die terugval in residivisme moet voorkom word.

Daarom is daar dan ook verskeie behandelingsprogramme in die Departement van Korrektiewe Dienste wat spesifiek daarop gerig is dat die gevangene na sy vrylating weer in die samelewing as 'n goed aangepaste individu opgeneem kan word en 'n nuttige bydrae tot die gemeenskap kan lewer. Dit hou in dat die individu na sy vrylating sodanig gerehabiliteer is dat hy sal aanpas by die samelewing se aanvaarde norme en waardes.

Gevangenisbiblioteke word tans deur gevangenes gebruik vir ontspanning in hul vrye tyd en vir studiedoeleindes. Die opvoedkundiges in die Departement van Korrektiewe Dienste wat verantwoordelik is vir sommige van die behandelingsprogramme, is verantwoordelik om toe te sien dat geskikte leesstof beskikbaar gestel word in gevangenisbiblioteke. Penologies gesien, lê die waarde van geskikte leesstof in die terapeutiese rol wat dit vervul in die hersosialisering van 'n gevangene. Weens 'n gebrek aan wetenskaplik gefundeerde riglyne is leesstof in die verlede nog nooit vir biblioterapeutiese doeleindes geëvalueer om te bepaal of dit 'n positiewe of negatiewe uitwerking op gevangenes se rehabilitasie kan hê nie. Navorsing in hierdie verband kan dus van groot waarde wees indien daar tydens die navorsing wetenskaplike norme daargestel word wat die opvoedkundiges kan help om leesstof vir gevangenisbiblioteke aan die hand van hierdie norme te evalueer.

Literatuur of leesstof kan as hulpmiddel dien in die behandelingsprogramme van die Departement van Korrektiewe Dienste. Tydens biblioterapie word leesstof vir die terapeutiese waarde daarvan gelees. Biblioterapie is nie slegs die lees van boeke alleen nie. Dit is 'n doelbewuste proses met duidelike doelwitte wat geïdentifiseer is. Hiervolgens word 'n spesifieke behoefte by 'n individu geïdentifiseer. 'n Boek word met hierdie *spesifieke* behoefte in gedagte vir 'n *spesifieke* persoon gekies. Volgens Cornett (1980:10) moet daar ook 'n vooropgestelde plan ontwerp word wat byvoorbeeld bespreking van 'n boek insluit, voordat daar sprake van biblioterapie is.

# AFDELING B : BIBLIOTERAPIE

## HOOFSTUK 2 : BEGRIPSOMLYNING EN PROSES

### 2.1 WAT IS BIBLIOTERAPIE?

Die woord biblioterapie is afgelei van die Griekse woorde *"biblion"* en *"therapeia"* wat onderskeidelik boek en genesing beteken (Howie, 1983:288). Biblioterapie is 'n interaktiewe proses tussen die literatuur en die leser, waardeur die leser gehelp kan word om moontlik 'n probleem op te los. In 'n penologiese verband gesien, is die leser die gevangene en die probleem is sy vrylating en herinskakeling by 'n bepaalde gemeenskap.

In die literatuur kom daar verskeie definisies voor vir biblioterapie waarvan die volgende voorbeelde is :

> "Bibliotherapy uses literature to bring about a therapeutic interaction between participant and facilitator" (Hynes & Hynes-Berry, 1986:9,10.)

Volgens Hoagland (1972:391) is die biblioterapeutiese proses 'n dinamiese interaksie tussen die persoonlikheid van die leser en die leesstof. Uit hierdie definisie kan afgelei word dat biblioterapie 'n definitiewe vorm van kommunikasie is. Penologies gesien is dit 'n wisselwerkingsproses tussen die gevangene en sy milieu wat enersyds die gevangenismilieu is waarin hy homself moet handhaaf en andersyds die milieu van die vrye gemeenskap waarheen hy moet terugkeer.

Biblioterapie vir gevangenes kan in die volgende definisie saamgevat word:

> "Bibliotherapy refers to a family of techniques in which *literature* is used in some way to structure or organize interactions between a *facilitator* (or co-facilitators) and a *participant* (or a group of participants), where the term literature is to be interpreted in the broadest sense possible, where the goal of the process is to benefit the participants in some fashion and where the facilitator, serving as a change-agent, actively attemps to realize his/her goals (and/or the participants' goals)" (Berry, 1978:3.)

Uit bogenoemde definisie blyk dit dus dat biblioterapie uit drie aspekte bestaan, naamlik:

- Die leesstof wat die agtergrond verskaf vir die interpersoonlike interaksies van die leser, hetsy hy al 'n soortgelyke situasie as wat beskryf word, beleef het, of nog gaan beleef.

- die biblioterapeut of bibliotekaris wat in die gevangenisbilioteek werksaam is, en

- die deelnemer aan die biblioterapeutiese proses, (in die geval van hierdie studie dus die gevangene) (Berry, 1978:3).

Tydens die biblioterapeutiese proses vind daar groei, (persoonlikheidsontwikkeling of -hervorming) in die leser van die literatuur plaas. Die gevangene (leser) vind moontlik antwoorde uit die leesstof op die volgende vrae:

- wie is ek, die gevangene?
- wie en wat is die gemeenskap?

Antwoorde op bogenoemde vrae kan na vore kom in die waardes en norme van 'n gemeenskap wat deur die leesstof weerspieël word.

Daar ontstaan byvoorbeeld konflik en konfrontasie in homself as gevolg van die lees van biblioterapeutiese leesstof. 'n Kognitiewe proses vind plaas wanneer die leser gevoelens in homself herken, dit verwerk en dan sy eie gevoelens evalueer (Hynes & Hynes-Berry, 1986:11). Biblioterapie kan dus moontlik insig aan die gevangene gee ten opsigte van sy situasie.

## 2.2 DIE VERLOOP VAN DIE BIBLIOTERAPEUTIESE PROSES

Die toepassing en waarde van biblioterapie is geleë in die integrale geheel waarin dit aangebied word ten opsigte van die leesstof. In die konteks van hierdie studie gesien, sou dit dus deel uitmaak van die behandelingsprogramme van die gevangene. Biblioterapie is 'n proses wat uit verskillende fases bestaan. Daar is ses stappe in die verloop van die biblioterapeutiese proses. Elkeen van hierdie stappe sal kortliks bespreek word.

### 2.2.1 HERKENNING

Die biblioterapeutiese proses begin gewoonlik met herkenning. Die leser lees iets wat sy aandag trek of sy verbeelding stimuleer. Hierdie "iets" wat die leser lees, staan in verband met 'n persoon of gebeurtenis wat hy verstaan. 'n Langtermyngevangene kan as gevolg van sy gevangenisskap moontlik 'n behoefte aan die natuur hê. Wanneer hy 'n boek oor tuinbou lees, sal sy aandag moontlik vasgevang word as gevolg van sy genoemde behoefte. Omdat sy reaksie spontaan is op 'n gelese gedeelte, kan die leser miskien verras wees oor sy herkenning. Hy kan byvoorbeeld agterkom dat sy probleem nie so gekompliseerd is as wat hy gedink het nie (vergelyk Hynes & Hynes-Berry, 1986:44,45).

Die toepassing van biblioterapie sal waarskynlik onsuksesvol wees op persone wat nie daarvan hou om te lees of wat nie graag na 'n verhaal luister nie (Monroe, 1978:168). Daarenteen kan dit baie suksesvol wees by persone wat leesstof gebruik om hul lewenskwaliteit te verbeter, hetsy vir ontspanning of om hul kennis te verbreed. Om biblioterapeuties geskik te wees, behoort die leesstof, al is dit kort of lank, in die geheel aangebied te word (Monroe, 1978:168).

### 2.2.2 IDENTIFIKASIE

As boeke gebruik word met die oog op die biblioterapeutiese waarde daarvan, is dit nodig dat die leser met 'n karakter daarin kan identifiseer. Die leser van biblioterapeutiese leesstof moet homself verder kan identifiseer met 'n element of situasie in die verhaal. Om sodanig te kan identifiseer, moet daar sekere ooreenkomste wees tussen die leser en die karakter in die verhaal. Die boek *Rondomtralie* van Elsabie Steenberg is 'n voorbeeld van 'n verhaal waar die gevangene homself moontlik met die karakters kan identifiseer as gevolg van die gevangenismilieu waarteen die verhaal hom afspeel. Die motiewe waarvolgens 'n karakter handel moet deur die leser geïnterpreteer kan word. Identifikasie moet eers plaasvind voordat enige ander stap in die biblioterapeutiese proses sal volg (Pardeck & Pardeck, 1984:2).

In kreatiewe literatuur kom daar 'n verskeidenheid karakters voor met wie die leser homself moontlik kan identifiseer, terwyl daar in didaktiese literatuur die analisering van situasies voorkom. Die leser kan dan raakpunte in die situasie sien,

waarmee hy homself op grond van sy eie situasie kan identifiseer (Monroe, 1978:168). Hierdie identifisering tydens die leesproses van die verhaal moet sterk en dwingend wees. Dit kan bewustelik of onbewustelik geskied (Monroe, 1978:168). Hierdie fase van die biblioterapeutiese proses verskaf die motiverende krag om voort te gaan met die lees van die verhaal en die belewing daarvan.

### 2.2.3 PROJEKSIE OF VERPLASING

Projeksie is 'n "onbewuste poging tot beskerming teen selfkritiek deur die eie onaanvaarbare angsgevoelens, begeertes, *houdings*, tekortkominge en vooroordele aan ander, of omstandighede toe te skryf, bv. 'n *misdadiger* wat sy vriende blameer vir sy *antisosiale gedrag*" (Louw *et al.*, 1978:67). Projeksie vind dus plaas as die leser gewaarwordinge ervaar deur 'n karakter waarmee hy homself geïdentifiseer het. Vir baie van die lesers is identifisering met die karakters of situasie in die leesstof so sterk en algeheel dat dit 'n persoonlike belewing word. Die lyding van 'n karakter word 'n persoonlike lyding, en die soeke na 'n oplossing word net so intens beleef soos 'n karakter in die verhaal dit beleef. Volgens Monroe (1978:168) is hierdie plaasvervangende belewing van die leesstof 'n essensiële aspek van biblioterapie. Die leser wat hom met 'n karakter identifiseer, sal heel waarskynlik dieselfde emosies as daardie karakter ervaar in 'n spesifieke situasie. Die terapeutiese waarde van leesstof lê daarin dat aanvaarde norme en waardes van die gemeenskap daarin uitgebeeld word. Projeksie kan tydens besprekingsessies van 'n gelese boek aan die leser uitgewys word.

### 2.2.4 KATARSIS OF SUIWERINGSPROSES

Wanneer die leser 'n emosionele verligting oor sy unieke situasie ervaar terwyl hy lees, vind daar 'n katarsis of ontlading van gevoelens en emosionele spanning plaas. Hierdie ervaring kan verbaal of nie-verbaal uitgedruk word. In hierdie fase is dit belangrik dat daar met die leser oor die boek gepraat word, sodat hy kan sê hoe hy oor die inhoud van die leesstof voel. Ooreenkomste tussen homself en 'n karakter, wat betref probleme en situasies en die emosionele belewing van die leser tydens die identifiseringsproses met die karakter kan moontlik tydens 'n bespreking na vore kom (Pardeck & Pardeck, 1984:2).

Om 'n katarsis tydens die biblioterapeutiese proses te bereik, hou in dat die leser 'n persoonlike oomblik van waarheid ondervind. Hy het saam met 'n karakter deur 'n probleemsituasie geworstel en ondervind nou moontlik saam met 'n karakter die smaak van triomf omdat hy homself in die karakter van die verhaal ingeleef het (Monroe, 1978:169).

As die leser sy eie situasie met dié van die karakter vergelyk, ervaar hy ook die moontlikheid van probleemoplossing in sy eie unieke omstandighede. Hy kan ontdek dat hy nie die enigste mens is met 'n probleem nie, maar dat daar baie ander is wat soortgelyke probleme as hyself het. Daar vind dus 'n suiweringsproses by die leser plaas en hy besef dat daar wel oplossings of alternatiewe vir sy probleem is. Hy besef dat sy probleem verstaan word, want daar was al soortgelyke probleme.

Met hierdie besef ervaar die leser 'n psigiese bevryding. Die ondervinding van die karakter wat die leser sy eie gemaak het, bring 'n suiwering van gevoel in die leser mee. 'n Katarsis kan deur kreatiewe of didaktiese leesstof veroorsaak word (Monroe, 1978:169).

### 2.2.5 INSIG

Hierdie fase stel die leser in staat om homself deur die karakters te herken. Hy integreer sy kennis wat hy opgebou het deur die karakter se gedrag en emosies met sy eie unieke situasie. Hieruit ontstaan nuwe moontlikhede vir probleemoplossings (Pardeck, 1984:2).

As die leser eers 'n psigiese bevryding ervaar het, sal hy homself vanuit die situasie en intense identifisering met die karakters in die leesstof na sy eie ervaring en situasie verplaas. Die leser verkry insig in die karakter se situasie - hy word bewus van moontlike oplossings en alternatiewe vir probleme. Hierdie insig pas hy nou toe in sy eie situasie. Hy plaas die situasie wat hy deur die karakters beleef parallel met sy eie. Die insig wat so verkry word, word beskou as die hoogtepunt of klimaks van die biblioterapeutiese proses (Monroe, 1978:169). Tydens hierdie fase kan die gevangene moontlik insig kry in sy besondere situasie van gevangesetting. Hy kan miskien tot die besef kom dat die pleeg van 'n misdaad 'n benadelingsverskynsel is met nadelige gevolge vir die slagoffer sowel as vir homself. Dit kan dan moontlik weer aanleiding gee tot positiewe hervorming van die gevangene. Die katarsis hoef nie noodwendig na die lees van een boek plaas te vind nie, want 'n katarsis tree

gewoonlik eers in na verskeie openbarings en onthullings van emosies en gedrag wat die leser deur 'n karakter ervaar (Monroe, 1978:170).

Die gevoelens en gewaarwordinge wat die leser uit die leesstof ervaar ter wille van die karakters, moet hy op homself van toepassing maak. Selfevaluasie behoort plaas te vind sodat die leser die waarde van sy eie gedrag en gevoelens kan evalueer in ooreenstemming met sy nuwe siening van sake of 'n situasie uit die literatuur.

Die selfevaluasie kan lei tot vrae wat die leser aan homself stel, byvoorbeeld:

- In hoe 'n mate is die situasie wat beskryf word, op my van toepassing?
- Hoe vereenselwig ek my met die emosies en gevoelens in die literatuur?
- Watter gevolge het my reaksies op my lewe? Is ek byvoorbeeld bereid om te verander? (Hynes & Hynes-Berry, 1986:53).

Sonder selfevaluasie kan daar van hersosialisering en persoonlikheidsontwikkeling of -hervorming by die gevangene nie sprake wees nie.

### 2.2.6 VERANDERING IN HOUDING EN GEDRAG

Daar is ook 'n finale stap in die biblioterapeutiese proses. Katarsis en insig word gewoonlik opgevolg deur 'n verandering in houding en gedrag ten opsigte van sekere situasies. Navorsing het aangedui dat die leser hom wend tot meer sosiaal aanvaarbare gedragspatrone en norme na afloop van intensiewe biblioterapeutiese sessies. Dit volg omdat probleme nie meer heeltemal onoplosbaar lyk nie, skuldgevoelens verminder of verdwyn het, daar aan die leser hoop gegee is en alternatiewe optrede in die vooruitsig gestel is. Hierdie positiewe verandering spruit voort uit die suksesvolle toepassing van biblioterapie (Monroe, 1978:171). Wanneer 'n gevangene hierdie fase betree het, kan daar sprake wees van hervorming en hersosialisering.

Daar is ook bykomende kenmerke van die biblioterapeutiese proses in sy geheel. Alhoewel verskillende fases onderskei kan word, is die biblioterapeutiese proses deurlopend, met voortdurende *groei* en gevolge by die leser. Dit impliseer dat daar 'n gedurige wisselwerking tussen gewaarwordinge en interpretasie van gevoelens is.

Die biblioterapeutiese proses sluit ook analise en sintese in. *Analise* beteken om 'n gevoel of idee in komponente in te deel en dan elke komponent verder te ontleed. Deur *sintese* word die konsepte wat opgebreek word vir analisering, weer bymekaar gevoeg tot 'n sinvolle geheel. Idees en gevoelens kan dus tot 'n sinvolle eenheid versmelt. Dit kan alles bydra tot 'n hele nuwe insig in 'n situasie by die leser (Hynes & Hynes-Berry, 1986:54,55).

Die uiteindelike doelstelling van die Departement van Korrektiewe Dienste is die suksesvolle vrylating van 'n gevangene in die gemeenskap. Die doelstelling van biblioterapie is 'n positiewe verandering in houding en gedrag by die leser. Dit is sinoniem met persoonlikheidsontwikkeling - juis *dit* wat die Departement van Korrektiewe Dienste met behandelingsprogramme probeer bereik.

# HOOFSTUK 3 : DIE WAARDE VAN BIBLIOTERAPIE

Alice Bryan (1939:773) het 'n halfeeu gelede reeds die volgende oor die waarde van lees gesê :

> "The assumption that stimulation received through reading may affect an individual's emotions, attitudes, and subsequent behaviour is as old as the art of reading itself. That the effects of reading may be qualitatively good or bad, depending on the type of material read and the emotional and intellectual maturity of the reader has likewise been accepted almost as a truism."

Die waarde van biblioterapie is velerlei van aard. Dit lê onder andere daarin dat die leser te doen kry met emosies en gevoelens buite homself - naamlik dié van die karakter. Omdat die leser probleme deur die oë van 'n karakter ervaar, is dit vir hom minder spanningsvol as direkte konfrontasie in sy eie ervaringsveld. Boeke beskryf alledaagse situasies wat aktueel is. Verder besit boeke 'n sekere voltooidheid. Die boeke verteenwoordig 'n lewensituasie wat oor jare strek, maar wat in 'n paar uur vasgevang kan word. Die probleem, met al sy oplossings wat oor tydperke strek, word in 'n boek saamgevat. In 'n boek word 'n karakter se persoonlike self, asook sy interpersoonlike verhoudinge en belewinge beskryf (Gorelick, 1975:139,140). Die leser, in hierdie geval die gevangene, kan dus ervaar hoe 'n persoon in 'n soortgelyke situasie as hy die probleem hanteer.

Biblioterapie het die vermoë om 'n persoon se *denkwyse* te verander ten opsigte van sy houding en gesindheid en gedrag. Boeke is waardevolle hulpmiddels in kommunikasie. Die leesstof reflekteer karakters se ervarings ten alle tye en op alle plekke. Sodoende word toegang verleen tot menslike emosies en gevoelens (Horne, 1975:28).

Die leser kan homself *identifiseer* met die karakters, situasie of ondervinding in die boek en so sy eie negatiewe gevoelens onderdruk. As gevolg van die lees van 'n boek kan hy moontlik deur identifikasie meer insig in sy eie probleem verkry en dan die realiteit van sy eie omstandighede meer geredelik aanvaar (Horne, 1975:28).

Biblioterapie is verder baie waardevol as die leser besef dat sy probleem nie *uniek* is nie. Dit is dan vir hom minder skrikwekkend. Hy kan 'n gevoel van universaliteit

ondervind wat hom laat besef dat hy nie die enigste persoon in die wêreld met 'n probleem is nie (Horne, 1975:29). Verder kan die leser, veral in die geval van 'n gevangene, deur die lees van 'n boek in aanraking kom met karakters in 'n normale sosiale omgewing, wat normale gedragswyses openbaar en met persone wie se lewenstyle sosiaal aanvaarbaar is. Dit kan as belangrike rolmodel dien vir 'n gevangene se gedrag as hy homself weer buite die gevangenis moet aanpas.

Deur biblioterapie word *alledaagse situasies* geskets en dit kan daartoe bydra dat die gevangene nie kontak met die werklikheid buite die gevangenis verloor nie. Die gevangene is 'n persoon met 'n krisis wat hulp en bystand nodig het. Biblioterapie kan in hierdie situasie suksesvol toegepas word om die gevangene te help om hierdie krisissituasie te oorkom (Monroe, 1969:1281).

Volgens Mary Jane Ryan (1957:199) kan biblioterapie in verskeie opsigte van waarde wees. Dit verskaf inligting, byvoorbeeld 'n boek wat handel oor liggaamlike gesondheid. Dit verskaf aan die leser afleiding en is ontspannend, byvoorbeeld 'n avontuurverhaal. Die leser kan verder inspirasie uit 'n gedig, wat ook biblioterapeuties aangewend kan word, verkry. Ook kan die leser homself so inleef in 'n gebeurtenis dat hy amper voel dat hy dit self ervaar het, byvoorbeeld 'n reisbeskrywing.

Opsommend kan gesê word dat die waarde van biblioterapie opgesluit lê in die vier doelwitte van biblioterapie, naamlik:

- Om 'n persoon se vermoë te verbeter om te reageer op impulse en stimulasie van buite, byvoorbeeld deur 'n gedig of verhaal wat hy lees.

- Om homself en sy gevoelens te ontdek en hom te help om homself na waarde te skat.

- Om 'n bewustheid vir en van interpersoonlike verhoudings te ontwikkel.

- Om 'n persoon se persepsie van die realiteit te verbeter (Hynes & Hynes-Berry, 1986:24).

Volgens Hynes & Hynes-Berry (1986:24) het al vier genoemde doelwitte een gemeenskaplike oogpunt, naamlik om die individu of leser se gevoel van eie waarde en moraal te verhoog en te ontwikkel. Die persoon word deur biblioterapie gehelp

om selfwaardering aan te kweek, om homself te ontwikkel en om *dit* waaraan hy niks kan verander nie, te aanvaar.

Vanuit 'n penologiese perspektief gesien, kan die gevangene in staat gestel word om sy strafbelewenis wat met gevangesetting gepaard gaan, positief te verwerk met behulp van biblioterapie. Die gevangene moet homself in die leefwêreld van die gevangenis, wat 'n asosiale en misdadige leefwêreld is, handhaaf. Met behulp van leesstof kan hy moontlik perspektief verkry insake normale en sosiaal aanvaarbare gedragswyses.

Daar ontstaan veral in die leefwêreld van 'n gevangene konflik en moeilike situasies. Dit veroorsaak gevoelens van desperaatheid, isolasie en onvergenoegdheid. Verder veroorsaak die gevoel dat jy betrap is verdere frustrasie en gebrek aan selfagting. Biblioterapie kan aangewend word om hierdie kringloop te verbreek. Dit bring mee dat 'n persoon meer insig in sy probleemsituasie verkry. Om die selfbeeld van 'n gevangene te verbeter, verander nie sy basiese probleem of destruktiewe gedrag nie. Dit bring wel mee dat die persoon sy probleem of omstandighede meer in perspektief sien (Hynes & Hynes-Berry, 1986:25).

## 3.1 BIBLIOTERAPEUTIESE DOELWITTE

### 3.1.1 VERBETERING VAN DIE VERMOë OM TE REAGEER

Deur biblioterapie word die *vermoë om te reageer* verbeter. Die leser word gestimuleer en verryk deur die karakter van die verhaal se indrukke, persepsies en gevoelens soos dit in die verhaal uitgedruk word. Biblioterapie stimuleer die denke en die verbeelding, help met die herkenning van skoonheid ("Experiencing the liberating quality of beauty") en help die leser om gevoelens te herken en te verstaan (Hynes & Hynes-Berry, 1986:26).

James Miller het gesê:

> " To liberate ourselves from *this* moment in time and the immediate range of vision in *this* place, we must use imagination... Without the imagination we would be imprisoned in time and space... With imagination we are enabled, through language, to free ourselves for explorations and discoveries that give meaning to ourselves and our society" (Hynes & Hynes-Berry, 1986:27.)

Deur biblioterapie kan 'n bevrydende kwaliteit van skoonheid ontdek word. Die leser word bewus van die alledaagse mooiheid in sy omgewing soos die warmte van 'n kamer na die koue buite. Dit verskaf aan hom plesier. Deur bewus te wees van klein dingetjies in die lewe word 'n mens se aandag dan verder verskerp vir gevoelens soos vrienskap, liefde en waardering wat besondere betekenis vir die gevangene het (Hynes & Hynes-Berry, 1986:27).

### 3.1.2 VERBETERING VAN SELFAGTING

Die tweede doelwit van biblioterapie is om die leser te help om *homself na waarde te skat*. Erich Fromm het gesê dat 'n mens eers jouself moet liefhê voordat jy in staat is om ander lief te hê (Hynes & Hynes-Berry, 1986:30). Deur die leesstof het die leser die geleentheid om hierdie doelwit te kan bereik, want in die eerste plek is die biblioterapeutiese leesstof 'n spieël waarin die leser, wat hom met die karakter identifiseer, homself kan waarneem. In die tweede plek kan daar 'n soort interaksie plaasvind tussen die leser en die teks. Deur die teks kom die leser nie net altyd in aanraking met die vreugdes van die lewe nie, maar ook met hartseer en lyding - wat ook deel is van persoonlikheidsontwikkeling en die hervormingsproses in die gevangenis (Hynes & Hynes-Berry, 1986:30).

### 3.1.3 VERBETERING VAN INTERPERSOONLIKE VERHOUDINGS

Die mens is 'n sosiale wese en moet homself dan ook in konteks met ander mense sien. Daarom is 'n derde doelwit van biblioterapie die *verbetering van interpersoonlike verhoudinge*. Die gevangene moet homself kan handhaaf binne die gevangenisgemeenskap en in sy interpersoonlike verhoudings met medegevangenes. Wanneer die gevangene lees van 'n karakter se gevoelens wat hyself al ervaar het, voel hy dat hy 'n aanknopingspunt met die karakter het (Hynes & Hynes-Berry, 1986:33).

Die gevangene moet ook besef dat dit nie altyd net om homself gaan nie, maar dat hy ook bewus moet wees van ander mense en na hulle moet luister. 'n Mens moet egter nie net *bewus* wees van ander mense nie, jy moet ook vir hulle omgee (Hynes & Hynes-Berry, 1986:35).

### 3.1.4 VERBETERING VAN WERKLIKHEIDSIENING

Die vierde doelwit is om die individu se *persepsie* van die wêreld om hom te verbeter. Die gevangene kan moontlik insien waarom misdaad nie gepleeg mag word nie. Sy houding teenoor misdaad, sy lewensomstandighede en die gevangenis kan dan moontlik positief verander.

Wanneer die bibliotekaris die geleentheid kry om saam met die interdissiplinêre span in die gevangenis te werk, kan hy elke gevangene se unieke situasie leer ken en verstaan op grond van die inligting wat verkry word deur byvoorbeeld maatskaplike werkers, psigiaters en mediese personeel. Hierdie inligting help die bibliotekaris om boeke met biblioterapeutiese waarde vir elke gevangene as individu te kies. Inligting wat die bibliotekaris deur die bespreking van 'n boek met die gevangene verkry, kan weer aan die res van die span meegedeel word (Monroe, 1969:1281).

Hierdie wisselwerking tussen die bibliotekaris, die gevangene en die interdissiplinêre span dra by tot die hervormingsproses van die gevangene. Die waarde van biblioterapie kan dus ook duidelik in hierdie wisselwerking gesien word. Biblioterapie word nie beskou as 'n onafhanklike genesingsproses nie, maar word in samewerking met ander behandelingsprogramme gebruik. Die feit dat biblioterapie geen selfstandige, onafhanklike terapie is nie en alleenlik die betekenis van terapie aanneem wanneer dit deel vorm van 'n breër terapeutiese program, word deur Celliers (1983:196) beklemtoon.

# AFDELING C : DIE GEVANGENE

## HOOFSTUK 4 : DIE DEPARTEMENT VAN KORREKTIEWE DIENSTE

### 4.1 DIE MISSIE EN WERKSAAMHEDE VAN DIE DEPARTEMENT VAN KORREKTIEWE DIENSTE

Op 21 Desember 1990 is die naam van die Suid-Afrikaanse Gevangenisdiens verander na die Departement van Korrektiewe Dienste (RSA, 1990:1). Die missie van die Departement van Korrektiewe Dienste is om gemeenskapsorde en -veiligheid te bevorder deur gevangenes volgens statutêre (wetlike) voorskrifte te hanteer. Die genoemde departement poog om, ten einde aan hul doelstellings te voldoen, die gevangenes veilig en menswaardig aan te hou. Daar word in sowel hul fisiese as in ander behoeftes voorsien, soos byvoorbeeld gesondheidsdienste en pastorale versorging. Verder word 'n ontwikkelingsprogram daargestel, sodat 'n gevangene ook in die gevangenis homself kan ontwikkel (RSA, 1989:1).

Volgens Bartol en Bartol (1986:285) het gevangenisstraf die volgende ten doel:

- beskerming van die gemeenskap
- rehabilitasie van die oortreder
- straf
- weerhouding of afskrikking

Opsommend kan gesê word dat die doel van gevangenisstraf tweeledig van aard is :

- Die beskerming van die gemeenskap ten opsigte van misdaad om sodoende die ordelike voortbestaan van die samelewing te verseker.

- Om die misdadiger te weerhou van verdere misdadigheid (dit wil sê die voorkoming van residivisme) (Bosch, 1987:59).

Strafinrigtings is samelewingsinstellings wat van staatsweë ingestel is. Dit beteken dat genoemde inrigtings deur wetgewing ingestel is en dat die bestuur van sodanige inrigtings die staat se verantwoordelikheid is. By die oplegging van gevangenisstraf word die belange van die individu sowel as die belange van die gemeenskap in ag

geneem (Bosch, 1987:33). Kragtens die bepalings van artikel 2 van die *Wet op Gevangenisse, Wet 8 van 1959* soos hieronder aangehaal, is die werksaamhede van die Departement van Korrektiewe Dienste die volgende :

(a) om te verseker dat elke gevangene wat wettiglik in 'n gevangenis aangehou word, daarin in veilige bewaring gehou word totdat hy wettiglik daaruit ontslaan of verwyder word;

(b) om, sover doenlik, sodanige behandeling op veroordeelde gevangenes toe te pas as wat tot hul verbetering en rehabilitasie mag lei en om hulle in gewoontes van vlyt en arbeid op te lei;

(c) die verrigting van alle werk wat nodig is vir, voortvloei uit, of in verband staan met die doeltreffende bestuur van die gevangenisse; en

(d) om sodanige ander pligte te verrig as wat die Minister van tyd tot tyd aan die Diens opdra.

## 4.2 KORREKTIEWE DIENSTE IN 'N GEVANGENIS

Dit is die taak en verantwoordelikheid van die Departement van Korrektiewe Dienste om toe te sien dat in elke gevangenis behoeftegerigte programme daargestel word ten einde 'n gevangene se lewensvaardighede te verbeter en sodoende residivisme te beperk of te probeer voorkom. Hiermee word die belange van die gemeenskap beskerm, maar nie ten koste van die individu nie.

Behandelingsprogramme van die Departement van Korrektiewe Dienste veronderstel die rehabilitasie van gevangenes. Rehabiblitasie is baie moeilik meetbaar en kan eintlik eers na vrylating terug in die gemeenskap bepaal word. Die doel van behandelingsprogramme in die gevangenis is om residivisme tot die minimum te beperk om daardeur beheer oor misdaad te bewerkstellig. Sodoende word 'n bydrae tot die handhawing van samelewingsorde gelewer (Bosch, 1987:58,59). Die behandelinsprogramme se uiteindelike doel is dus die hervorming van 'n gevangene om te verseker dat hy na vrylating as goed aangepaste individu na die samelewing sal terugkeer.

Die behandelingsfaset van die Departement van Korrektiewe Dienste bestaan uit die volgende:

- Onderwys- en opleidingsprogramme
- Godsdienstige programme
- Maatskaplikewerkdienste
- Sielkundige dienste (RSA, 1989:20-32)

Elkeen van hierdie dienste sal kortliks bespreek word.

### *4.2.1 ONDERWYS- EN OPLEIDINGSPROGRAMME*

Dié programme word verdeel in onderwys-, rekreasieopvoeding-, weerbaarwording-, opleiding- en jeugprogramme (RSA, 1989:22-26).

#### *4.2.1.1 Onderwysprogramme*

Onderwysprogramme word deur opvoedkundiges in die Departement van Korrektiewe Dienste aangebied. Die onderwysprogramme bestaan uit 'n geletterdheidsprogram en onderwysprogramme in samewerking met onderskeidelik die Departement van Onderwys en Opleiding en die Departement van Onderwys en Kultuur. Verder word ook voorsiening gemaak vir korrespondensiekursusse (RSA, 1989:22,23). Voordat elke gevangene tot 'n bepaalde onderwysprogram toegelaat word, word aspekte soos opvoeding, skolastiese vordering en vermoëns in ag geneem (Naudé & Stevens, 1988:100).

#### *4.2.1.2 Rekreasieopvoedingsprogramme*

Hierdie programme het ten doel om 'n sinvolle rekreatiewe lewenswyse by gevangenes tuis te bring (RSA, 1989:23). Daar word dus gepoog om die fisiese, geestelike en emosionele welsyn van 'n gevangene te bevorder. Ledige ure word sinvol gevul en dit bevorder ook interpersoonlike verhoudings en samewerking in groepsverband (Naudé & Stevens, 1988:101). Die rekreasieopvoedingsprogramme bestaan uit sportafrigtingsprogramme en biblioteekprogramme (RSA, 1989:23).

*4.2.1.3 Weerbaarwordingsprogramme*

Nog 'n afdeling van die opvoedkundige programme is weerbaarwordingsprogramme (RSA, 1989:23). Die genoemde programme is gerig op die aanvaarde sosiale norme en waardesisteem van die samelewing. Dit kan 'n groot bydrae lewer tot die algemene hervorming van 'n gevangene (Naudé & Stevens, 1988:101). Die gevangene het dikwels 'n gebrekkige waardesisteem. Deur middel van lesings en besprekings kan gepoog word om 'n gevangene positief te beïnvloed ten opsigte van 'n ordelike gemeenskap. Biblioterapeutiese besprekingsessies kan veral tydens hierdie programme 'n waardevolle bydrae lewer.

*4.2.1.4 Opleiding van gevangenes*

Opleiding van gevangenes neem 'n belangrike plek in in die behandelingsprogramme. Dit word opgedeel in vakopleiding en vaardigheidsopleiding (RSA, 1989:24,25).

Die doel van vakopleiding is om 'n gevangene op te lei in 'n beroep waarin hy 'n erkende nasionale diploma of sertifikaat kan verwerf (Naudé & Stevens, 1988:102). Daar is byvoorbeeld produksiewerkswinkels by onder andere Zonderwater, Leeuwkop en Pollsmoor waar gekwalifiseerde ambagslui aan gevangenes opleiding gee in ambagte soos skrynwerk, sweiswerk en motorwerktuigkunde (RSA, 1989:40). Sodoende word die gevangene toegerus om na vrylating 'n eerbare, selfversorgende en menswaardige bestaan te kan voer. Dit dra dus by tot die hervorming van 'n gevangene.

Ledigheid in die gevangenis gee aanleiding tot negatiwiteit en negatiewe bedrywighede. Daarom poog die Departement van Korrektiewe Dienste om sover moontlik in almal se onderwys- en opleidingsbehoeftes te voorsien. Gevangenes wat nie betrek is by vakopleiding nie, word by vaardigheidsopleiding ingedeel. Die arbeidskrag van hierdie gevangenes word sodoende ook markverwant ontwikkel (RSA, 1989:25). Voorbeelde van hierdie kursusse is kelnerkursusse, naaimasjienkursusse en boukursusse (RSA, 1989:25,26).

Jeugprogramme word ook ingedeel onder onderwys- en opleidingsprogramme. Die Departement van Korrektiewe Dienste beskou egter die behandeling van jeugdiges

as baie belangrik omdat dit die groep is met die meeste hervormingspotensiaal. Daarom word die jeugprogramme in 'n aparte hoofstuk bespreek.

### *4.2.2 GODSDIENSTIGE PROGRAMME*

Een van die doelwitte van die Departement van Korrektiewe Dienste is om toe te sien dat elke gevangene godsdienstig versorg word deur die kerk of geloof waarvan hy 'n lidmaat of aanhanger is (GDOB V(11)(a)). Daar word onder andere tyd ingeruim vir Bybel- en godsdiensstudie en om na radioprogramme te luister en na TV-uitsendings te kyk. Verder word gratis Bybels en godsdienslektuur aan die gevangenes geskenk deur die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap, godsdienswerkers, kerke en ander persone of instansies. Gevangenes kan ook Bybelstudiekursusse volg (RSA, 1989:32,33).

### *4.2.3 MAATSKAPLIKEWERKDIENSTE*

Maatskaplikewerkdienste is gerig op die doeltreffende maatskaplike funksionering van 'n gevangene terwyl hy in die gevangenis is, maar ook na sy vrylating uit die gevangenis. Die diens is ingestel sodat die gevangene gehelp kan word om sosiaal aanvaarde lewenswaardes sy eie te maak sodat hy na vrylating in die gemeenskap kan aanpas. Hy word ook gehelp om verantwoordelikheid ten opsigte van homself en sy afhanklikes te aanvaar (Naudé & Stevens, 1988:104). (Vergelyk ook RSA, 1989:26-28).

### *4.2.4 SIELKUNDIGE DIENSTE*

Die *Wet op Gevangenisse, Wet 8 van 1959* maak voorsiening vir die benutting van sielkundiges. Artikel 2(b) lees soos volg:

> "Om sover doenlik sodanige behandeling op veroordeelde gevangenes toe te pas as wat tot hul verbetering en rehabilitasie mag lei en om hulle in gewoontes van vlyt en arbeid op te lei;".

## 4.3 DIE VOORREGTEPROGRAM

Die doelstelling van die voorregteprogram is om gevangenes aan te spoor tot goeie gedrag, 'n sin vir verantwoordelikheid by hulle aan te kweek en om hul belangstelling en samewerking by die inskakeling van aanhoudings- en behandelingsprogramme te verseker. (GDOB V(3)(a)).

Die voorregteprogram is verdeel in ***individuele voorregte*** en ***groepsvoorregte***. Individuele voorregte word onderverdeel in voorregte groepe A, B, C en D. Voorregte wat onder andere verkry mag word is besoeke, briewe, private televisies, leesstof en biblioteekfasiliteite (GDOB V(3)(b)).

Groepsvoorregte bestaan onder andere uit die vertoning van films, sport en speletjies en konserte en kore (GDOB V(3)(b)).

Volgens die Jaarverslag van die Departement van Korrektiewe Dienste (RSA, 1989:12,13) kan die gevangene, afhangende van sy gedrag en samewerking, vorder en meerdere voorregte bekom. Dit lei dus tot meer vryhede vir die gevangene. Maar indien hy dan later negatiewe gedrag toon, word hierdie voorregte weer van hom af weggeneem. Die voorregteprogram is deel van die totale behandelingsprogram van 'n gevangene en lewer 'n belangrike bydrae om hom stelselmatig voor te berei vir die proses van herinskakeling by die gemeenskap na vrylating.

Die volgende is voorbeelde van individuele voorregte en groepsvoorregte :

## VOORREGTEGROEPE
## INDIVIDUELE VOORREGTE

| VOORREG | GROEP D | GROEP C | GROEP B | GROEP A |
|---|---|---|---|---|
| 1. Besoeke<br><br>VERWYSING<br>GDOB V(3) (f) (i) | 1. Hoogstens 12 per jaar van 30 minute elk deur een volwasse persoon.<br>2. Hoogstens 1 besoek per maand.<br>3. Kinders onder die ouderdom van 16 tel nie as besoekers nie en is toelating onderhewig aan die beskikbaarheid van fasiliteite. | 1. 24 Besoeke per jaar.<br>2. 2 Volwasse persone.<br>3. 30 minute elk.<br>4. Hoogstens 3 per maand.<br>5. Kinders onder die ouderdom van 16 tel nie as besoekers nie en is toelating onderhewig aan die beskikbaarheid van fasiliteite. | 1. 36 Besoeke per jaar.<br>2. 2 Volwasse persone.<br>3. 30 minute elk.<br>4. Hoogstens 4 per maand.<br>5. Kinders onder die ouderdom van 16 tel nie as besoekers nie en is toelating onderhewig aan die beskikbaarheid van fasiliteite. | 1. 48 Besoeke per jaar. (Kontakbesoeke waar fasiliteite beskikbaar is).<br>2. Aantal besoekers volgens diskresie van die Hoof/beskikbaarheid van fasiliteite.<br>3. 40 minute elk.<br>4. Hoogstens 5 per maand.<br>5. Kinders onder die ouderdom van 16 tel nie as besoekers nie en is toelating onhewig aan die beskikbaarheid van fasiliteite. |
| 2. Private Televisies<br><br>VERWYSINGS<br>GDOB V(3) (f) (xiii) | Geen | Geen | Geen | Mag toegelaat word om 'n private draagbare televisie in hul besit te hê met voorbehoud dat die Staat geen addisionele onkostes mag aangaan nie. |
| 3. Leesstof<br>VERWYSING<br>GDOB V(3) (f) (xiv) | Geen | Volgens diskresie van Hoof.<br>Aankope addisioneel tot aankoopbedrag. | | |
| 4. Biblioteek<br>VERWYSING<br>GDOB V(3) (f) (xv) | Een boek per maand | 1. Onbeperk ten opsigte van groep A, B en C. Volgens die diskresie van die Hoof.<br>2. Hoogstens 2 boeke per geleentheid. | | |

## GROEPSVOORREGTE

| VOORREG | GROEP D | GROEP C | GROEP B | GROEP A |
|---|---|---|---|---|
| 1. Vertoning van films video's en televisie. VERWYSING GDOB V(3) (h) (iii) | Van toepassing op gevangenes wat groep A, B, C en D voorregte geniet, volgens die diskresie van die Hoof. | | | |
| 2. Konserte. VERWYSING GDOB V(3) (h) (v) | Van toepassing op gevangenes wat groep A, B, C en D voorregte geniet. | | | |
| 3. Rekreasiebyeenkomste (sport, speletjies en byeenkomste). VERWYSING GDOB V(3) (h) (iv) | Van toepassing op gevangenes wat groep A, B, C en D voorregte geniet. | | | |

## 4.4 VRYLATING VAN GEVANGENES

Alle gevangenes wat wettiglik aangehou word in die gevangenis (behalwe terdoodveroordeeldes), word aangehou op die veronderstelling dat hy een of ander tyd weer in die gemeenskap vrygelaat gaan word. In die gevangenis is dit die belangrikste gebeurtenis vir 'n gevangene, en die Departement van Korrektiewe Dienste se hele behandelingsprogram is gerig op die vrylating van 'n gevangene om as goedaangepaste mens weer in die gemeenskap opgeneem te word.

Die Departement van Korrektiewe Dienste se taak eindig nie daar nie maar is verder verantwoordelik vir die hervestiging van die gevangenes binne 'n gemeenskap. Vir dié doel is 'n afdeling ***Gemeenskapsinskakeling*** gestig om die gaping tussen die behandeling in die gevangenis en nasorg na vrylating sinvol te oorbrug. Die afdeling se spesifieke taak is om 'n gevangene by te staan in sy poging om geskikte werk te bekom, om gesonde sosiale verhoudinge te hervat en om sy selfbeeld weer op te bou (Rousseau, 1986:32). Daar word dus gepoog om die herinskakeling van 'n gevangene by die gemeenskap so vlot moontlik te laat verloop.

Biblioterapie as inbegrepe by die behandelingsprogramme in 'n gevangenis kan 'n waardevolle bydrae lewer tot die hervorming van 'n gevangene. Biblioterapie kan dus beskou word as 'n hulpmiddel in die totale behandelingsprogram van 'n gevangene.

# HOOFSTUK 5 : BEHANDELINGSPROGRAMME VAN JEUGDIGES IN DIE GEVANGENIS

Residivisme (terugval in misdaad) kom al by kinders en jeugdiges voor en ongeveer die helfte van volwasse residiviste het hul kriminele loopbaan reeds in hul kinder- en jeugjare begin (Van der Walt, 1982:119).

Deur uitbreiding van die behandelingsprogramme van jeugdiges kan 'n positiewe bydrae moontlik gelewer word tot die oplossing van hierdie probleem.

'n Jeugdige is 'n persoon onder die ouderdom van 21 jaar of wat as gevolg van sy onvolwassenheid meer gepas as jeugdige geklassifiseer kan word (GDOB V(15)(a)(ii)).

'n Gevangenis is nie die ideale omgewing vir 'n jeugdige nie. Die jeugdige het 'n eie aard, karakter en behoeftes wat 'n eiesoortige behandeling vereis. Om voorsiening te maak vir hierdie eiesoortige behandeling, moet die jeugdige sover prakties moontlik afsonderlik van geharde misdadigers aangehou word asook volgens ouderdom van mekaar geskei word om beïnvloeding en intimidasie tot die minimum te beperk (GDOB V(15)(a)(iii)).

In die Departement van Korrektiewe Dienste word daar baie sterk gekonsentreer op die behandelingsprogramme ten opsigte van jeugdiges - want *dit* is die groep waar die terugkeer tot residivisme sover moontlik teengewerk moet word. Dit is dan ook wêreldwyd die neiging dat daar gekonsentreer word op die jeugdige se behoeftes en ontwikkeling. Onder die jeugdiges is daar ook groter potensiaal vir die voorkoming van residivisme as byvoorbeeld by die gewoontemisdadiger.

Die afdeling Onderwys en Opleiding in die Departement van Korrektiewe Dienste is verantwoordelik vir die jeugdige se onderwys- en opleidingssprogram. Gratis onderwys word voorsien aan alle jeugdiges wat by jeugprojekte ingeskakel is, tot op standerd 10-vlak. Hoewel sommige jeugdiges wel as geharde misdadigers beskou word, is die oorgrote meerderheid, volgens Matthee (1990:7), meer ontvanklik vir positiewe invloede en hervorming as die volwasse oortreders. Jeugdiges word apart aangehou en aanpassings word gemaak ten opsigte van die behandelingsprogramme van jeugdiges, sodat hulle sover moontlik beskerm kan word teen negatiewe invloede. Verder skep dit ook die regte omgewing vir positiewe beïnvloeding waartydens die jeugdige toegerus word met vaardighede wat nodig is vir suksesvolle

herinskakeling in die gemeenskap na sy vrylating. Verskeie fasette geniet intensiewe aandag tydens jeugdiges se aanhouding, byvoorbeeld die bereiking van 'n bepaalde opvoedingspeil, sinvolle vryetydsbesteding van die individu, en gesonde fisiese ontwikkeling van die jeugdige deur liggaamlike opvoeding (Matthee, 1990:7).

Die aanhouding, behandeling en opleiding van jeugdige gevangenes in 'n gevangenis word gestruktureer in drie afdelings, naamlik:

- Observasie-eenheid
- Behandelingseenheid
- Ontslagvoorbereidingseenheid (GDOB V(15)(c,d)).

Elkeen van hierdie afdelings sal kortliks bespreek word.

## 5.1 DIE OBSERVASIE-EENHEID

Die doel van die observasie-eenheid is om inligting aangaande 'n gevangene te verkry wat benodig word vir die bepaling van behoeftes ten opsigte van individuele behandeling en opleiding, asook vir toewysing met betrekking tot akkommodasie en werkverrigting (Naudé & Stevens, 1988:111,112). Inligting wat tydens dié fase ingewin word, kan gebruik word in die keuse van 'n boek met die oog op biblioterapeutiese waarde. 'n Volledige dagprogram word vir hierdie eenheid saamgestel wat onder andere aktiwiteite soos LO-periodes, sport en ontspanning, opvoedkundige films en observasie insluit (GDOB V(15)(c)(i)(hh)).

## 5.2 DIE BEHANDELINGSEENHEID

Die doel van die behandelingseenheid is om die jeugdige sover moontlik toe te rus met lewensvaardighede sodat hy na vrylating as individu in die samelewing kan aanpas. Die jeugdige word aangemoedig om gebruik te maak van geleenthede wat daargestel word sodat hy homself kan ontwikkel. Daar word 'n dagprogram uitgewerk wat onder andere onderwys, vaardigheidsopleiding en georganiseerde sport behels. Die jeugdige kry ook die geleentheid om die biblioteek te besoek (Naudé & Stevens, 1988:112,113). Dit is tydens hierdie fase dat die toepassing van biblioterapie 'n waardevolle bydrae kan lewer in die totale behandelingsprogram van die jeugdige.

## 5.3 DIE ONTSLAGVOORBEREIDINGSEENHEID

Die doelstellings van hierdie afdeling is om die jeugdige toe te rus vir 'n effektiewe herinskakeling in die gemeenskap na sy vrylating (GDOB V(15)(d)(i)). Daar word aandag gegee aan temas soos behuising, werksaansoek, gesondheidsdienste en die nadele van misdaad (GDOB V(15)(d)(i)(hh)).

Dit blyk dus dat die Departement van Korrektiewe Dienste jeugdiges sien as die groep met die meeste potensiaal vir hervorming. Die positiewe ontwikkeling van die jeugdige word as so belangrik beskou dat daar spesiaal voorsiening gemaak word vir jeugprojekte. Dit is dan ook by hierdie groep waar residivisme ten alle koste moet probeer verhoed word. Biblioterapeutiese leesstof kan dus gebruik word om 'n bydrae te lewer tot die stimulering van positiewe denke by die jeugdige tydens sy behandelingsprogram. Die uiteindelike doelwit van 'n geslaagde behandelingsprogram is om 'n jeugdige as goed aangepaste individu in die samelewing vry te laat.

# HOOFSTUK 6 : BIBLIOTERAPIE IN DIE TOEPASSING VAN BEHANDELINGSPROGRAMME

Rehabilitasie of behandeling moet nie eensydig toegespits word op die *swakhede* van die oortreders nie. Daardie swakhede moet eerder die hoof gebied word deur die ontdekking en ontwikkeling van *moontlikhede*. In elke mens is daar onontdekte of onderontwikkelde moontlikhede wat sy swakhede op die agtergrond kan skuif as dàårdie moontlikhede na behore kan ontplooi. Die vraag word gestel of die terugval in misdaad nie voorkom kan word deur die moontlikhede van die oortreders in die rigting van selfverwesenliking te laat ontwikkel nie (Van der Walt, 1982:119). Hierin moet die biblioterapeutiese waarde van die regte boek nie onderskat word nie.

Soos reeds bespreek, word die rehabilitasie van die gevangene as inbegrepe by die behandelingsprogramme beskou.

'n Gevangenissituasie skep die ideale geleentheid vir die toepassing van biblioterapie. Die rede : 'n gevangene is vier en twintig uur van die dag in die gevangenis. Hier moet hy sinvol besig gehou en gerehabiliteer word sodat hy na sy vrylating terug in die samelewing as goed aangepaste individu weer met sy lewe kan voortgaan. Die gevangene het genoeg tyd om te lees en om daaroor na te dink. Deur die regte soort boeke te lees, kan hy sy denkwyse in 'n positiewe rigting kanaliseer in plaas daarvan om allerhande wraakgedagtes teen die samelewing te koester. Leesstof word die identifikasiemedium waardeur die gevangene 'n persepsie vorm ten opsigte van samelewingsverwagtinge buite die gevangenis.

Daar is bevind dat die leesgedrag van gevangenes beïnvloed word deur, eerstens, persoonlike faktore soos geslag, ouderdom, huis- en leestaal, opvoedkundige kwalifikasies en belangstellings, en tweedens, deur faktore wat uit die gevangenissituasie ontstaan, onder andere residivisme, tipe oortreding, vonnis, diepteklassifikasie en die werk wat die aangehoudende in die gevangenis verrig (Retief, 1978:ii,iii).

Die waarde van 'n goeie boek is nog nooit onderskat nie. Maar net so kan verkeerde literatuur 'n groot invloed op die leser uitoefen. Daarom is dit nodig dat daar 'n vorm van beheer oor die beskikbaarstelling van boeke is. Hoeveel te meer is dit dan nie nodig om boeke aan gevangenes streng te keur en slegs dié boeke met 'n positiewe en opbouende waarde aan hulle beskikbaar te stel nie!? Die

opvoedkundiges in die Departement van Korrektiewe Dienste, wat betrokke is by die behandelingsprogramme, is verantwoordelik vir die keuring van leesstof. Daar is egter 'n gebrek aan wetenskaplik gefundeerde riglyne vir die keuring van leesstof wat geskik is vir die gevangenisbiblioteek.

As daar wel so 'n stel wetenskaplike norme kan saamgestel word, soos wat daar gepoog word in hierdie skripsie, is die toepassing van biblioterapie 'n direkte uitvloeisel van die keuring van geskikte leesstof met betrekking tot die gevangene.

## 6.1 DIE WAARDE VAN LEES

Die waarde van lees in die gevangenis lê daarin dat dit enersyds nuttig en andersyds ontspannend kan wees. Omdat die gevangenes nie vier en twintig uur van die dag aktief deur die Departement van Korrektiewe Dienste besig gehou kan word nie, om voor die hand liggende redes, is lees een van die weinige hulpmiddels om die lang ure in opsluiting te verwyl. Daarom wend feitlik al die gevangenes hulle tot lees. Lees word beskou as een van die beste ontvlugtingsmeganismes en die gevangene kry die geleentheid om hom na die situasie in die boek te verplaas. Hierdie ontvlugting is deel van die bilioterapeutiese waarde van lees. Die gevangene kan vir 'n kort rukkie ontvlug uit sy omstandighede. Verder dra die boek by tot die uitbreiding van kennis en betrokkenheid by die buitewêreld. Die biblioteek is 'n deel van die normale lewe buite die gevangenis wat deur lees deel word van die gevangenis. Verder bevind die gevangene homself in 'n intellektuele atmosfeer wat vir baie van die gevangenes 'n nuwe, verrykende ervaring is en wat nou deel word van sy daaglikse lewe (Retief, 1978:26). Literatuur en die toepassing van biblioterapie kan dus daartoe bydra dat die gevangene sy sienswyse en lewenspatroon ten goede verander.

## 6.2 DIE GEVANGENISBIBLIOTEEK

Die Departement van Korrektiewe Dienste besef die waarde van 'n biblioteek en die terapeutiese waarde van lees in 'n mindere of meerdere mate. Daarom word daar selfs voorsiening gemaak vir biblioteekprogramme. Die gevangenisbiblioteek, met genoegsame leesstof en wel met biblioterapeutiese waarde kan 'n groot ondersteuningsdiens lewer ten opsigte van persoonlikheidsontwikkeling en -hervorming van 'n gevangene.

## 6.3 'N EKSPERIMENT TEN OPSIGTE VAN BIBLIOTERAPIE

Lesta N. Burt het in haar doktorale bevinding, getiteld *Bibliotherapy : Effect of group reading and discussion on attitudes of adult inmates in two correctional institutions*, die volgende bevind:

Sy het sestien mans en vrouens uit twee gevangenisse in Wisconsin laat deelneem aan weeklikse biblioterapeutiese sessies. Sestien ander gevangenes in kontrolegroepe het vir dieselfde hoeveelheid tyd bymekaar gekom. In albei groepe is die gevangenes voor en na die tyd ten opsigte van hul gesindhede en verwagtinge getoets. Na drie maande het sy 'n duidelike positiewe verandering waargeneem in die gedragsgesindheid teenoor dwelmmisbruik en roof by die groep wat blootgestel was aan boekbesprekings. Dit was vir hierdie groep minder aanvaarbare gedragspatrone. Daar was ook beduidende verskille ten opsigte van hierdie houdingverandering tussen die eksperimentele groep en die kontrolegroep wat minder positief gereageer het. Daar moet egter gemeld word dat Burt tydens hierdie navorsing geen duidelike veranderings waargeneem het ten opsigte van gesindhede teenoor konsepte of persone nie (Monroe & Rubin, 1975:16,17).

## 6.4 DIE WAARDE VAN 'N BIBLIOTERAPEUTIES GESKIKTE BOEK IN 'N GEVANGENIS

Dit is nie altyd maklik vir 'n individu, en dus ook vir die gevangene, om oor sy persoonlike gevoelens of omstandighede wat hom direk raak met iemand anders te praat nie. Maar nadat die gevangene 'n boek gelees het waarin 'n soortgelyke probleem as syne bespreek word, het hy moontlik groter vrymoedigheid om oor sy eie probleem te praat, of hy kan selfs die gelese boek bespreek, al kan hy nog nie oor sy *eie* probleem praat nie. Daarom kan 'n boek gebruik word as inleiding tot 'n besprekingsessie van persoonlike probleme. Deur bespreking van boeke kry die gevangene beter insig in sy eie probleme of hy kom agter watter tipe taal of idees hy oor sy eie probleem aan die biblioterapeut moet kommunikeer (Alston, 1962:169).

Deur van soortgelyke probleme as syne te lees, skep hy moed om sy eie probleme die hoof te bied. Boeke bied ook tydelike ontvlugting van sy gevangenisskapsitu-

asie. Nadat hy die boek gelees het kan die gevangene sy eie situasie en probleme dan weer vanuit 'n nuwe oogpunt benader (Alston, 1962:169).

Boeke help die gevangene ook om die aandag van homself af weg te lei en hy kry die geleentheid om nuwe belangstellings te ontdek. Boeke dra verder daartoe by om die gevangene te help in sy sosialisering met medegevangenes. Die onderwerp van 'n boek gee hom iets sinvols om met sy medegevangenes te bespreek. Volgens Cunningham (1985:18) kan 'n biblioteekdiens in die gevangenis 'n positiewe sosiale uitwerking op 'n gevangene tot gevolg hê. Die rede daarvoor is dat dit gerig is op daaglikse en toekomstige doelwitte.

Die biblioteek en die bibliotekaris is vir die gevangene deel van die normale lewe buite die gevangenis. Daarom is dit moontlik dat die bibliotekaris minder van 'n bedreiging vir die gevangene is as byvoorbeeld die sielkundige. Dit is dus moontlik dat die bibliotekaris belangrike inligting op 'n informele manier ontrent die gevangene kan agterkom. Hierdie inligting kan 'n nuttige bydrae lewer tot die hervorming van die gevangene. Maar dit is belangrik dat die bibliotekaris 'n vertrouensverhouding tussen hom en die gevangenes moet opbou en dat hy besef dat inligting wat op so 'n manier bekom word, as vertroulik beskou moet word.

Dit is belangrik dat die gevangene self 'n boek kan uitkies. Gevangenisstraf ontneem die oortreder sy kosbaarste besitting as mens in totaliteit, naamlik sy vryheid. Dit sluit die hele spektrum van sy menswees in en raak besluitneming, beweging en assosiasie. Hy het dus in min dinge in die gevangenis 'n keuse en deur 'n boek self uit te kies, voel hy dat hy darem daarin nog 'n keuse het. Boeke moet dus nooit afgedwing word nie, selfs al dink die bibliotekaris dat 'n sekere boek meer biblioterapeutiese waarde mag hê as die een wat 'n gevangene gekies het. As deel van sy behandelingsprogram kan 'n gevangene ook self in die biblioteek behulpsaam wees. Dit gee aan hom 'n gevoel van eiewaarde en verantwoordelikheid. Dit dra ook by om sy selfvertroue te verbeter en nuwe belangstellings te laat ontwikkel. Verder vind daar sosiale kontak tussen die gevangenes plaas wat belangrik is in die vorming van interpersoonlike verhoudinge. Die genoemde faktore kan 'n positiewe bydrae lewer tot die behandelingsprogram en die uiteindelike geslaagdheid daarvan ten opsigte van 'n gevangene.

Biblioterapie sal egter altyd meer suksesvol toegepas word op sommige gevangenes as op ander. Party mense reageer beter op 'n boek as ander. Dit hang ook baie af van die unieke omstandighede van elke gevangene. Om 'n suksesvolle deel te wees

van die behandelingsprogram, is biblioterapie die beskikbaarstelling van die regte boek op die regte tyd aan die regte persoon. Biblioterapie as deel van die behandelingsprogramme van die Departement van Korrektiewe Dienste, is 'n *bydraende* faktor in die daarstelling van 'n positiewe gevangenismilieu. Dit dra weer by tot die positiewe hervorming van die gevangene.

## 6.5 DIE LEESGEDRAG VAN DIE GEVANGENE

Volgens bevindinge van Retief (1978:78) is feitlik die hele gevangenisbevolking lesers en het die gevangenes 'n besondere hoë leesintensiteit in vergelyking met lesers buite die gevangenis. Verder is daar bevind dat die mans in die gevangenis graag avontuur- en speurverhale lees, terwyl die vroue voorkeur gee aan liefdes- en avontuurverhale. Albei geslagte lees graag Christelike lektuur. Tydens onderhoudvoering met 'n oudgevangene, wie se identiteit om verstaanbare redes nie bekend gemaak word nie, het dit aan die lig gekom dat daar 'n groot behoefte aan Christelike lektuur by die gevangenes bestaan.

Retief (1978:127) het die volgende faktore daargestel wat biblioteekgebruik beïnvloed:

- Geslag
- Gesigsvermoë
- Stedelike of landelike herkoms
- Opvoedkundige kwalifikasies
- Beroepstatus
- Diepteklassifikasie
- Werk in die gevangenis
- Gevangesetting as sodanig

## 6.6 GEVALLESTUDIE

Tydens reeds genoemde onderhoudvoering wat die skrywer met 'n oudgevangene wat in 'n gevangenisbiblioteek werksaam was, gevoer het, het die volgende aan die lig gekom:

In die gevangenis is tussen 43% en 48% van die gevangenes ongeletterd. Gevangenes lees hoofsaaklik om die tyd te verwyl ("timekilling"). Daarom moet daar ook voorsiening gemaak word vir die ongeletterde deur boeke met kleurryke illustrasies en prentjies daar te stel. Daar word wel voorsiening gemaak vir onderrigprogramme in skoolopleiding tot en met standerd ses. Indien 'n gevangene verdere onderrig wil ontvang, geskied dit deur korrespondensiekolleges en is hy self verantwoordelik vir die kostes daaraan verbonde. Die gevangene kan ook naskoolse opleiding ontvang indien hy daarin sou belangstel. Die Departement van Korrektiewe Dienste bied self tegniese opleiding aan en reik sertifikate uit aan gevangenes wat die kursus deurloop het. Daar word ook geleentheid gegun dat 'n gevangene vir Bybelstudiekursusse kan inskryf.

Volgens die oudgevangene is dit bykans oral die situasie dat die gevangenisbiblioteek deur gevangenes beman word. Die voorraad van die biblioteek word verkry van 'n boekwa wat deur 'n Provinsie aan die gevangenisbiblioteek gestuur word. Dit skep 'n probleem, want die boeke wat gestuur word is nie noodwendig boeke waarin die gevangenes sal belangstel nie. Nog 'n probleem is dat boeke waarin 'n gevangene belangstel so gou moontlik verkry moet word, anders verloor hy belangstelling.

Van die gevangenes het 'n wye belangstellingsveld waarin voorsiening gemaak behoort te word. Die tipe leesstof wat veral interesseer, is boeke oor die natuur en dierelewe, boeke oor sport en stokperdjies, byvoorbeeld hoe om te leer skaak speel, godsdienstige lektuur, vakgerigte boeke, byvoorbeeld geskiedenis, biologie, ekonomie en fiksie. By die swart bevolking van die gevangenis bestaan daar ook 'n groot behoefte aan onderrig deur boeke geskryf in hul moedertaal. Volgens die oudgevangene is die hoeveelheid boeke wat deur gevangenes vir 'n sekere tydperk uitgeneem mag word, heeltemal ontoereikend.

Gevangenes kry die geleentheid om die biblioteek op grond van 'n voorregtestelsel te besoek. Volgens die oudgevangene is dit heeltemal onvoldoende. Die gevangenes behoort die geleentheid te kry om meer boeke op 'n gereelde basis uit te neem en om ook 'n vrye keuse van boeke te hê. Die gevangene moet ook gelei word deur 'n kundige persoon soos 'n bibliotekaris wat sekere boeke kan aanbeveel (Onderhoudvoering:Anoniem, 1990).

## 6.7 LESERLEIDING IN DIE GEVANGENISBIBLIOTEEK

Volgens Retief (1978:178,179) het leserleiding in die gevangenisbiblioteek twee funksies, naamlik:

- "Om te voorsien in die gebruikers se behoeftes met betrekking tot selfontwikkeling, eie belangstellings en ontspanning." Die bibliotekaris moet dus die voorraad en die lesers baie goed ken om hierdie taak doeltreffend te kan verrig.

- "Om hulp aan die rehabilitasiespan met hulle verskillende programme te verleen." Die bibliotekaris kan deur die suksesvolle toepassing van biblioterapie 'n bydrae lewer.

Uit hierdie aanhalings spreek die belangrikheid van die gevangenisbiblioteek en die toepassing van biblioterapie ter ondersteuning van die behandelingsprogram vanself.

# AFDELING D : KEURING VAN LEESSTOF

## HOOFSTUK 7 : RIGLYNE WAARVOLGENS DIE GESKIKTHEID VAN LEESSTOF BEPAAL WORD

Wat 'n gevangene graag *wil* lees en wat hy *behoort* te lees, is nie altyd dieselfde nie. Maar dit is belangrik dat leesstof nooit afgedwing moet word nie. Dit is ook van kardinale belang dat die unieke omstandighede van die gevangene baie goed begryp moet word en dat boeke wat 'n positiewe invloed op die gevangene mag hê, beskikbaar gestel moet word. In die gevangenis word die gevangene sy vryheid ontneem. Gevolglik is die reg om sekere besluite te neem hom ook ontneem, byvoorbeeld die keuse wanneer om op te staan en te gaan slaap. Die keuse van 'n boek uit die biblioteek impliseer persoonlike vryheid en die reg om self 'n besluit te kan neem. Daarom moet die gevangene nooit hierdie reg ontneem word nie want dit op sigself het alreeds terapeutiese waarde. Sodoende word 'n positiewe gevoel omtrent boeke en die waarde van lees ook versterk.

By die daarstelling van riglyne waarvolgens boeke gekeur word om vas te stel of dit wel geskik sal wees vir biblioterapie, word twee komponente in ag geneem naamlik:

- Die gevangene
- Die leesstof

Daar word afsonderlik na elkeen van hierdie komponente gekyk.

### 7.1 DIE GEVANGENE

Elke gevangene behoort tydens gevangesetting as 'n individu behandel te word. Die bibliotekaris kan in samewerking met die rehabilitasiespan inligting omtrent elke gevangene inwin wat dan by die seleksie van boeke gebruik kan word. Die gevangene se sosiale, kulturele en intellektuele, sowel as sy misdaadagtergrond bied belangrike inligting waarvolgens 'n geskikte boek gekies kan word.

Voordat daar met die toepassing van biblioterapie begin word, moet elke gevangene positief gemotiveer word ten opsigte van die waarde van boeke en besprekingsessies daaroor. Dit kan in groepe of individueel gedoen word.

Wanneer die gevangene 'n boek gekies het, moet daar 'n tydsverloop wees tussen die lees van die boek en die bespreking daarvan. Vir biblioterapeutiese doeleindes is dit nodig dat daar tyd gelaat word vir interpretasie en verwerking van die gegewens in die boek, hetsy op intellektuele of emosionele vlak. Die gevangene kry die geleentheid om in hierdie tydsverloop vorige ervarings te vergelyk met dié in die verhaal. Empatie en identifikasie met die karakters vind ook plaas.

Dit is belangrik dat die lees van 'n boek opgevolg word deur 'n besprekingsessie daarvan. Hier kan die gevangene die verhaal kortliks vertel soos wat hy dit beleef en ervaar het. Sy identifikasie met die karakters sal in die besprekingsessie moontlik na vore kom. Die gevangene se probleem kan bespreek word na aanleiding van die probleme van die karakters. Waardevolle inligting kan só bekom word en aan die sielkundige en ander lede van die rehabilitasiespan beskikbaar gestel word.

## 7.2 DIE LEESSTOF

Leesstof met die oog op biblioterapeutiese waarde kan eerstens volgens tema en ook volgens styl gekeur word. Die toepaslikheid van elkeen vir die gevangene in sy situasie sal bepaal of 'n boek in die gevangenisbiblioteek opgeneem behoort te word met die oog op biblioterapie.

### *7.2.1 TEMAS*

Temas in leesstof wat vir biblioterapie oorweeg word, speel noodwendig 'n belangriker rol as die styl waarin 'n verhaal geskryf is. Dit hang van die tema af of die leser hom wel met die karakters kan identifiseer en of hy die ervarings wat hy beleef deur die leesstof, op sy eie lewe van toepassing kan maak. Soos reeds bespreek is dit belangrik dat die leser 'n katarsis, indien moontlik, deur die verhaal kan bereik om moontlike verligting of probleemoplossings vir sy eie situasie te ondervind. Daarom moet temas in leesstof universeel, geloofwaardig en positief wees ten einde biblioterapeuties geskik te wees.

### 7.2.1.1 *Universele tema*

Die universele tema is belangrik want daardeur word emosies en gebeure só uitgebeeld dat die leser homself daarmee kan identifiseer al is sy omstandighede en milieu nie presies soos dié van die karakter nie. Wanneer daar geen identifikasie met karakters plaasvind nie, kan die ander stappe in die biblioterapeutiese proses ook nie plaasvind nie. Daarom is dit belangrik dat boeke gekeur moet word ten opsigte van die universele tema.

### 7.2.1.2 *Geloofwaardige tema*

Dit help nie dat daar 'n universele tema in 'n verhaal voorkom, maar die gebeure word nie geloofwaardig aangebied nie. Die leser moet die gevoel kry dat die verhaal werklik tot hom spreek en dat die gebeure werklik kon plaasgevind het. Die verhaal moet inligting aan die leser kommunikeer. Hy moet voel dat gebeure in die verhaal net sowel 'n persoonlike ervaring kon gewees het.

### 7.2.1.3 *Positiewe tema*

'n Positiewe tema behoort die belangrikste riglyn te wees waarop tydens keuring gekonsentreer moet word. Dit is belangrik dat die gevangene tydens sy behandelingsprogram positief beïnvloed moet word met positiewe gedragspatrone en houdings. Dit is belangrik vir die hervorming van die gevangene. Hoop en moontlike probleemoplossings moet duidelik in die verhaal na vore kom ten einde biblioterapeuties geskik te wees. Die gevangene moet hierdie hoop kan ervaar en voel dat sy lewe wel nog sin maak al is hy in die gevangenis, en dat daar hoop is buite die gevangenis. Dit beteken nie dat daar nooit negatiewe gebeure in die verhaal na vore mag kom nie. Maar hierdie negatiewe gebeure moet altyd in perspektief gestel word met 'n alternatiewe optrede indien nodig.

'n Positiewe tema moet ook positief aangebied word en daarom is die styl waarin leesstof geskryf word, belangrik. Vervolgens word daar na die styl of aanbieding van leesstof gekyk.

### *7.2.2. STYL VAN DIE LEESSTOF*

#### *7.2.2.1 Taalgebruik in die verhaal*

Boeke wat gekies word, moet vir die leser, in hierdie geval die gevangene, verstaanbaar wees. Taal word gebruik om inligting oor te dra, karakters uit te beeld, emosie oor te dra en stemming te skep. Daarom moet die leser bevoeg wees om die taal en taalgebruik waarin 'n boek geskryf is, te verstaan. Hier is dit veral belangrik om die intellektuele vlak van die gevangene asook die mate van sy geletterdheid in ag te neem.

Tydens 'n onderhoud met 'n oudgevangene het dit na vore gekom dat van die swart gevangenes byvoorbeeld glad nie geletterd is nie en die meeste het ook nooit formele skoolonderrig ontvang nie. Dit is dus belangrik dat boeke dienooreenkomstig gekies moet word. Die probleem is egter dat boeke wat volgens onderwerpe geskik is vir die jong volwassene (18 tot 20 jaar) nie noodwendig in eenvoudige taal geskryf is of selfs in groot lettertipes gedruk word sodat dit makliker leesbaar is nie. Daar bestaan 'n groot leemte aan leesstof wat in so 'n situasie gekies behoort te word. Wanneer 'n boek gekeur word, moet daar dus opgelet word dat die taalgebruik in die verhaal nie te ingewikkeld is nie.

Daar moet ook nie abstrakte beelde soos metafore voorkom wat deur die leser geïnterpreteer moet word nie. Dit spreek vanself dat van die gevangenes op grond van hulle intellektuele en geletterdheidsvlak nie daartoe in staat sal wees om abstrakte beelde in die teks te verstaan nie. Daarteenoor moet daar ook voorsiening gemaak word vir dié leser wat wel daartoe in staat is om meer gevorderde leesstof te verstaan op grond van sy intellektuele en geletterdheidsvlak.

#### *7.2.2.2 Karakterbeelding in die verhaal*

'n Karakter in 'n verhaal moet sodanig uitgebeeld word dat die leser homself met die karakter kan identifiseer. Verder moet die karakter geloofwaardig wees en geloofwaardig optree. Vir biblioterapeutiese doeleindes behoort die karakter 'n ronde karakter te wees. Dit beteken dat daar groei en ontwikkeling in die karakter moet plaasvind. Wanneer 'n plat karakter geteken word beteken dit dat daar geen ontwikkeling by die karakter plaasgevind het nie. Hy is presies dieselfde as in die

begin van die verhaal. Die waarde van biblioterapie ten opsigte van die gevangene is juis daarin geleë dat daar groei en ontwikkeling by die gevangene sal plaasvind tydens identifisering met karakters.

### *7.2.2.3 Verbeeldingrykheid van die leesstof*

Omdat die gevangene graag tydelik die onaangename situasie van sy gevangenisskap wil vergeet, is dit belangrik dat die verhaal daarin moet slaag om die gevangene in sy verbeelding te laat ontvlug uit sy onaangename omstandighede. Daarom moet die situasies en gebeure in die verhaal so beskryf word dat die leser se verbeelding daardeur aangewakker word. Dit is ook belangrik dat die verhaal probleemoplossings aan die leser moet bied.

### *7.2.2.4 Milieu van die verhaal*

Die milieu van 'n verhaal is die agtergrond waarteen die karakters beweeg. Hierdie milieu hoef nie noodwendig geografies van aard te wees nie, maar dui ook op stemming en atmosfeer in die verhaal. Die milieu kan ook meehelp dat die leser hom makliker met 'n karakter vereenselwig indien die milieu vir hom bekend is. Die milieu kan vir die gevangene sinoniem wees met vryheid. In sy verbeelding word hy weggevoer na 'n ander milieu as die gevangenismilieu.

Opsommend kan gesê word dat tydens leesstofkeuring met die oog op biblioterapie, die volgende altyd in ag geneem moet word :

- Die gevangene as individu moet altyd vooropgestel word tydens leesstofkeuring.

- Die tema en styl van die leesstof moet ten alle tye geskik wees vir die gevangene.

# HOOFSTUK 8 : NORME VIR BIBLIOTERAPEUTIESE LEESSTOF

Biblioterapie hoef nie noodwendig formeel toegepas te word om te verseker dat dit waarde het nie. Dit kan ook met groot vrug op 'n informele vlak toegepas word. Hiermee word bedoel dat wanneer 'n leser uit sy eie 'n boek kies, sonder die hulp van 'n tweede persoon en die boek lees omdat dit aan hom vreugde of ontvlugting verskaf, dáárdie boek dan biblioterapeutiese waarde besit.

Daar is baie verskillende faktore wat in aanmerking geneem moet word by die toepassing van biblioterapie. Elke boek verskil van 'n ander een ten opsigte van byvoorbeeld die tema, karakters en milieu. Verder is die lesers van boeke individue met elkeen 'n unieke persoonlikheid. Die lesers verskil ook ten opsigte van faktore soos ouderdom, geslag, belangstellings en behoeftes. Daar is ook verskille in leesvermoë, intelligensie, sowel as sosiale, godsdienstige, kulturele en opvoedkundige agtergrond en omgewingsfaktore (Ryan, 1957:199).

Omdat daar so baie faktore in ag geneem moet word by die toepassing van biblioterapie op 'n formele grondslag, moet boeke volgens wetenskaplike norme gekies word en nie sommer lukraak nie. Die gevangene as unieke persoon moet eers in ag geneem word en dan moet die boek gekies word. 'n Spesifieke boek word dus gekies met die doel om aan die behoeftes van 'n gevangene te voldoen.

## 8.1 LEESBELANGSTELLING VAN DIE GEVANGENE

Omdat dit so belangrik is dat die gevangene as individu in ag geneem moet word by die seleksie van boeke, word die leesbelangstellings van die gevangene kortliks genoem soos vasgestel in 'n ondersoek deur Retief (1987:125).

Die leesbelangstellings van mans en vroue verskil in sekere opsigte :

- Vroue lees oor die algemeen meer as mans. Hulle maak ook, in verhouding met mans, meer van die gevangenisbiblioteek gebruik. Vroue lees graag oor onderwerpe soos kookkuns, persoonlike versorging en modes.

- Die mans stel veral belang in onderwerpe soos sport, diere en voëls, motors en vreemde lande.

- Albei geslagte stel belang in godsdiens, musiek en sang. Die ondersoek het verder getoon dat die oorgrote meerderheid mans en vroue beide Afrikaanse en Engelse leesstof lees.

Wat die leesbelangstellings van beide geslagte betref, stem dit ooreen met inligting wat verkry is van 'n oudgevangene tydens onderhoudvoering (Onderhoudvoering:Anoniem, 1990).

Hierdie agtergrondkennis ten opsigte van onderwerpe waarin die gevangenes belangstel, is belangrik en moet in ag geneem word tydens die seleksie en keuring van boeke. Dit is dus uiters belangrik by die toepassing van biblioterapie dat die leesstof baie versigtig gekeur moet word.

Volgens Retief (1978:125) is verveeldheid, eensaamheid en ontvlugting nie belangrike leesmotiewe by langtermyngevangenes nie. 'n Groot persentasie lees omdat dit vir hulle lekker is. Daar is wel 'n klein groepie wat tydens gevangesetting lees hoewel hulle nie lief is vir lees nie. Baie van die gevangenes lees ook omdat hulle glo dat boeke 'n heilsame invloed op hulle uitoefen. Tydens die steekproef het 'n besonder groot persentasie beweer dat hulle lees om hul kennis te vermeerder, aldus Retief. In die onderhoud met 'n oudgevangene waarna voorheen verwys is, het dit egter baie sterk na vore gekom dat die gevangenes lees vir "timekilling". Volgens Retief (1978:125) is ook bevind dat 'n gevangene meer in die gevangenis as daarbuite lees as gevolg van sy omstandighede.

## 8.2 NORME VIR DIE SELEKSIE VAN BOEKE

Die norme vir die seleksie van boeke word saamgevat soos dit beskryf word deur Pardeck & Pardeck (1984:7,8) en Lundsteen (1972:511). Volgens die genoemde skrywers moet boeke wat vir biblioterapeutiese waarde aangewend word oor die volgende eienskappe beskik :

8.2.1 *Gevangene as individu* - Die leesstof moet aansluit by die gevangene se belangstelling, behoeftes, ouderdom, leesvlak en begrip. Die gevangene as individu moet dus altyd in ag geneem word.

8.2.2 *Temas* - Die temas in die leesstof moet universeel van aard wees. Alledaagse gebeure, probleme en moeilike situasies moet aangeraak word.

8.2.3 *Karakters* - Die karakters en gebeure moet eg en geloofwaardig uitgebeeld word. Hierdeur word empatie en identifikasie met 'n karakter bewerkstellig.

8.2.4 *Positiewe aanbieding* - Temas in die verhaal moet positief aangebied word en oplossings vir die karakter se probleme bied. Hierin lê die helende waarde van biblioterapie. As kontroversiële sake in die boek uitgebeeld word, moet dit nie in stryd wees met die samelewing se aanvaarde norme en standaarde nie. Hierdie punt is veral belangrik om te onthou wanneer leesstof vir die gevangene gekeur word. Daar moet juis gepoog word om die gevangene se positiewe gesindheid ten opsigte van 'n ordelike gemeenskap te verkry.

8.2.5 *Stimulering van verbeelding* - Die outeur moet daarin slaag om die leser se aandag vas te vang en hom op 'n verbeeldingsvlug weg te voer. Sy belangstelling moet geprikkel word sodat hy verder sal lees om uit te vind wat gebeur. Die lees van 'n boek behoort 'n verrykende ervaring te wees.

8.2.6 *Vergestalting* - Temas in die verhaal moet so uitgebeeld word dat daar genoeg karakterontwikkeling, interpersoonlike verhoudings en kompleksiteit voorkom sodat besprekings daaruit kan voortvloei. Interpersoonlike kommunikasie is ook baie belangrik want die gevangene leef in 'n asosiale milieu. Die leser moet sy eie kreatiwiteit kan gebruik vir moontlike probleemoplossings. Daar moet dus ruimte gelaat word sodat selfs die minder gevorderde leser dit sal verstaan, maar die gevorderde leser terselfdertyd onderliggende idees sal raaksien en interpreteer.

8.2.7 *Taal en styl* - Die verhaal moet logies en in verstaanbare taal geskryf word. Die gebeure moet 'n saambindende eenheid vorm en nie uit los dele of fragmente bestaan wat bloot net saamgevoeg is nie.

8.2.8 *Milieu* - Die milieu of agtergrond moet so geskets word dat die leser homself met die karakter in die milieu kan vereenselwig. Dit hoef nie net geografies van aard te wees nie, maar kan ook stemming en atmosfeer aandui.

Soos reeds gemeld lê die waarde van biblioterapie daarin dat die regte boeke op die regte tyd aan die regte persoon gegee word sodat hy sy persoonlike probleme kan oplos of dit in perspektief sien en aanvaar.

# HOOFSTUK 9 : DIE GEVANGENE SE BELEWING VAN SY MILIEU

Die gevangenismilieu staan in skrille kontras met die vrye gemeenskap. Selfs al woon 'n individu in 'n ongewenste of swak woonbuurt, is dit waarskynlik as gevolg van ekonomiese oorwegings, maar nooit as gevolg van die beperking van vryheid in totaliteit deur mure en tralies nie.

'n Ordelike gemeenskap word gereël deur 'n sisteem van waardes en norme wat die gedrag van 'n individu binne die gemeenskap bepaal. In die gevangenis tree 'n gevangene op volgens die kode en reëls van die gevangenisgemeenskap. Binne hierdie raamwerk word hy aan 'n sosialiséringsproses onderwerp ten einde te konformeer met medegevangenes. Dit kan lei tot aanpassingsprobleme binne die gevangenis.

Die gevangene as individu het steeds sekere basiese behoeftes wat bevredig moet word en wat hy nou weens gevangesetting moet ontbeer. Voorbeelde hiervan is die ontbering van vryheid, persoonlike besittings, heteroseksuele verhoudings en sekuriteit.

## 9.1 ONTBERING VAN VRYHEID

Soos reeds gemeld, ontneem gevangenisstraf die oortreder een van sy kosbaarste besittings, naamlik sy vryheid. In die gevangenis lewe 'n gevangene binne 'n begrensde gebied en binne hierdie omgewing is ook nog reëls wat sy bewegings verder beperk.

Hierdie begrensde toestand veronderstel ook die wete dat 'n gevangene afgesny is van sy familie en vriende. Dit is nie 'n vrywillige isolasie van hulle nie, maar teen sy sin. Hierdie isolasie is verder pynlik en frustrerend wat emosionele verhoudings, eensaamheid en verveeldheid betref. Gevangesetting verteenwoordig 'n doelbewuste morele verwerping deur die gemeenskap (Neser, 1989:139). Die gevangene kan homself moontlik van al sy familie en vriende verlate voel, maar ook nog voel dat hy nêrens bestaansreg binne 'n gemeenskap het nie. Dit kan weer lei tot 'n toestand van depressie.

## 9.2 ONTBERING VAN PERSOONLIKE BESITTINGS

Die gevangene bevind homself in 'n milieu waar slegs in sy basiese fisiese en psigiese behoeftes voorsien word. Daar is geen materiële besittings of ekstra luukses waarop hy aanspraak kan maak nie. Dit kan die gevangene sy gevoel van eiewaarde ontneem (Neser, 1989:140).

## 9.3 ONTBERING VAN HETEROSEKSUELE VERHOUDINGS

Die ontbering van heteroseksuele verhoudings laat 'n groot leemte in die lewe van meeste van die gevangenes. Dit het negatiewe seksuele misdrywe tot gevolg wat tydens gevangesetting en na vrylating 'n negatiewe invloed op 'n gevangene kan hê.

## 9.4 ONTBERING VAN SEKURITEIT

Die gevangene bevind homself in 'n misdadige gemeenskap waar geweld en aanranding in sommige gevalle as die normale beskou word. 'n Gevangene wat homself nie kan bewys en voldoen aan die standaarde van hierdie misdadige milieu nie, loop 'n voortdurende risiko om die teiken van 'n aanval te wees (Neser, 1989:142). Dit veroorsaak gevoelens van vrees en onsekerheid ten opsigte van sy veiligheid.

Verder kan 'n gevangene se liggaamlike gesondheid van so 'n aard wees dat hy voortdurende aandag en mediese versorging nodig het. Hoewel daar in die gevangenis voorsiening gemaak word vir mediese versorging, kan dit 'n bron van kommer vir 'n gevangene wees. Die genoemde probleme is van die algemeenste probleme wat 'n gevangene tydens gevangesetting beleef.

Soos reeds genoem, is daar behandelingsprogramme in die gevangenis wat gerig is op die probleme wat 'n gevangene tydens gevangesetting ondervind. Biblioterapie as deel van die behandelingsprogramme kan gebruik word as hulpmiddel in die soeke na oplossings vir die probleme. Hieruit volg die vraag of daar wel Afrikaanse leesstof beskikbaar is met die oog op biblioterapie vir die behandeling van genoemde probleme van 'n gevangene. Met inagneming van die reeds genoemde norme, kan die volgende voorbeelde van boeke moontlik biblioterapeuties toegepas word vir verligting of oplossing van 'n gevangene se probleme.

## 9.5 VOORBEELDE VAN BOEKE MET MOONTLIKE BIBLIOTERAPEUTIESE WAARDE

Die karakter, Karen Viljoen, in die verhaal *Plekkie in die son*, se situasie stem in meer as een opsig ooreen met dié van 'n gevangene. Sy voer 'n gelukkige bestaan aan die sy van haar suksesvolle man en hulle seuntjie. Maar 'n roetinebesoek aan 'n dokter bring aan die lig dat Karen melaats is en vir 'n onbepaalde tyd in 'n inrigting van afsondering opgeneem sal moet word. Hier ervaar sy vereensaming en die verwerping van vriende as uitgeworpene uit die samelewing net soos wat 'n gevangene dit waarskynlik sal ervaar. Dit dryf haar tot wanhoop en wanneer haar gesinslewe ook op die spel geplaas word, dreig die situasie om haar te oorweldig. Sy verkeer in stryd met haarself maar daar kom tóg 'n dag dat sy besef dat ten spyte van alles daar ook vir hààr 'n plekkie in die son bestaan. Hierdie spesifieke boek is in kleindruk, sowel as grootdruk lettertipes gepubliseer wat meebring dat dié gevangene wat nog nie so bedrewe in leesvaardigheid is nie, die boek makliker sal kan lees as gewone drukwerk.

Vanweë die feit dat 'n gevangene afgesluit is van sy familielede, sal hy moontlik 'n behoefte ervaar om situasies binne gesinsverband te ervaar. Die boek *Aan die sonkant*, geskryf deur P.H. Nortje, kan 'n gevangene moontlik op 'n kort verbeeldingsvlug wegvoer na 'n gelukkige gesinslewe. In hierdie boek word die alledaagse lewe van die Nortje-gesin op humoristiese wyse aan die leser oorgedra. Party van die insidente word so komies geskep dat die leser voel hy beleef dit amper self. Vir 'n kort rukkie kan die gevangene vergeet van sy neerdrukkende omstandighede en lag vir die lewe. Daar bestaan ook soortgelyke boeke in dié verband, byvoorbeeld die boek getiteld *Nuut onder die son* deur dieselfde skrywer en die boek *Ek en my kinders*, geskryf deur Blydie Stander.

Die gevangene wat worstel met depressie vanweë die situasie waarin hy hom bevind kan moontlik verligting vir sy probleme vind in die talle boeke wat geskryf is oor die onderwerp. Die biblioterapeutiese waarde van hierdie boeke is geleë in die feit dat 'n gevangene besef dat hy nie die enigste persoon is wat worstel met sy probleme nie. 'n Voorbeeld hiervan is *Depressie : die siekte van ons tyd*, geskryf deur I.L. de Villiers.

Soos reeds genoem, ontbeer 'n gevangene persoonlike besittings en ekstra luukses in die gevangenis. Hy kan moontlik later besef dat dit nie regtig nodig is om gelukkig

te wees nie. Die belangrikste is om gelukkig te wees. Om in jouself vergenoeg te wees, moet jy vrede maak met jou omstandighede. Eers dan kan jy gelukkig wees. Die gevangene kan moontlik besef dat goeie verhoudinge met God en mens die kern van 'n gelukkige lewe is. Boeke wat moontlik kan help om hom tot hierdie besef te bring is *Skep moed en leef*, geskryf deur Ferdinand Deist en *Net om jou 'n drukkie te gee*, geskryf deur I.L. de Villiers.

Daar bestaan boeke in Afrikaans wat handel oor heteroseksuele verhoudings tussen mense. Dit kan daartoe meehelp dat die gevangene vir 'n kort rukkie van sy omstandighede en die feit dat hy dit moet ontbeer, kan vergeet indien hy homself kan identifiseer met karakters en gebeure in 'n boek. *Die kwikstertjie*, geskryf deur Jan Scholtz, is die verhaal van 'n man wat na baie jare gedwing word om sy lewe in oënskou te neem. Hy het lank probeer vlug van sy verlede nadat hy 'n moord gepleeg het, maar hy word deur omstandighede gedwing om hom met homself te konfronteer. Hy vind egter iemand wat vir hom omgee en in hom glo. Die feit dat hy 'n misdaad begaan het, beteken nie dat hy vir altyd van geluk ontneem word nie. Die biblioterapeutiese waarde van hierdie spesifieke boek lê ook daarin dat die afbrekende invloed van misdaad en bedrog uitgelig word. Die leser kom ook agter dat die waarheid altyd seëvier. Leuens en bedrog betaal nie.

Die boek *Ses wenverhale*, waarin verhale van verskillende skrywers opgeneem is en saamgestel is deur Maretha Maartens, handel oor verskillende situasies en belewinge van militêre diensplig en die grensmilieu. Die karakters kom met oorlog en vrees in aanraking. Die worsteling van sommige karakters met die sin van die lewe en die sinloosheid van oorlog kom deurgaans na vore. Tog oorleef elke karakter die situasie waarin hy hom bevind en kom as 'n sterker mens anderkant uit. Met die lees van hierdie verhale kan 'n gevangene moontlik besef dat die lewe kosbaar is en dat 'n mens elke dag voluit moet lewe.

Die verhaal van Elbé Steyn, *Tweeling van 'n ribbok*, handel oor 'n jong vrou se stryd teen haar vrees vir verwerping en die moeisame pad terug na aanvaarding en geluk. Thea Botha verloor een bors as gevolg van kanker. Ten spyte van die feit dat dit vir haar voel of haar lewe aan skerwe lê, moet sy steeds normaal voortgaan en kan sy nêrens van haarself af wegvlug nie. Daar kom met die tyd aanvaarding van en berusting by haar situasie. Die gevangene wat siek is, kan moontlik met die lees van hierdie boek besef dat dit beter is om sy situasie te aanvaar. Al beleef hy moeilike omstandighede, is daar tog nog sin in die lewe.

Die gevangene hoef nie net altyd boeke te lees met die oog op 'n oplossing vir 'n probleem nie. 'n Boek het ook biblioterapeutiese waarde as dit bloot vir interessantheid en ontspanning gelees word. 'n Gevangene wat besig is om 'n langtermynvonnis uit te dien, kan byvoorbeeld 'n behoefte aan kennis oor verskillende soorte bome aan die bibliotekaris meedeel. 'n Soortgelyke behoefte is werklik in die praktyk aan 'n bibliotekaris gerig wat vir die depotdiens by Pretoria Sentraal Gevangenis verantwoordelik is. Die behoefte het waarskynlik ontstaan vanweë die geïsoleerde bestaan van die spesifieke gevangene binne die vier mure van die gevangenis. Hy was meer as dertien jaar gelede buite die gevangenis. Daar bestaan talle boeke oor tuinbou waarvan die boek *Kom na my tuin...*, geskryf deur Johann Becker, 'n voorbeeld is.

In dié boek word basiese riglyne gegee om 'n tuin stap vir stap in 'n lushof te omskep. Daarmee word 'n vooruitsig aan die gevangene wat belangstel in tuinbou, gestel. Na vrylating kan hy begin om stap vir stap, met die boek as handleiding, 'n tuin te begin. Net soos wat hy na vrylating stap vir stap met sy nuwe lewe buite die gevangenis moet begin.

As die leser uit sy eie 'n behoefte verwoord, word die biblioterapeutiese waarde van 'n boek verhoog as dit voldoen aan die daargestelde norme. Die leser wil graag iets uit vrye wil oor 'n onderwerp lees. Hy sal dan ook moontlik makliker beïnvloed word deur 'n boek. Dit skep ook die ideale geleentheid vir 'n besprekingsessie.

Leesbelangstellings in die gevangenis wissel soos wat die behoeftes en belangstellings van die lesers in die samelewing wissel. Die tipe leesstof wat deur gevangenes aangevra word, hang af van wie op 'n gegewe tydstip in die gevangenis is. Boeke wat vir die gevangenis gekeur word, hoef nie noodwendig te verskil van dié van 'n openbare biblioteek nie. Leesstof wat vryelik beskikbaar is aan almal in die openbare biblioteek, behoort dus ook geskik te wees vir lesers in die gevangenis. Bogenoemde feite het aan die lig gekom tydens onderhoudvoering met mev. S.M.M. Kruger (Assistentstadsbibliotekaresse in beheer van die depotdiens waaronder Pretoria Sentraal Gevangenis ressorteer).

Daar bestaan dus wel leesstof in Afrikaans wat biblioterapeuties aangewend kan word vir gevangenes. Dit word egter weereens beklemtoon dat leesstof altyd vir 'n spesifieke gevangene en sy behoeftes gekeur moet word.

Vervolgens is drie boeke geanaliseer ten einde die geldigheid van die vasgestelde norme in hoofstuk agt te bepaal.

# HOOFSTUK 10 : ANALISE - *RONDOMTRALIE*

Die verhaal, *Rondomtralie*, geskryf deur Elsabe Steenberg, word gekies omdat dit die belewing van 'n intelligente, sensitiewe vrou in 'n gevangenis weergee. Elke gevangene kan homself moontlik in verskeie opsigte met die hoofkarakter identifiseer.

Salomien Wiid, 'n onderwyseres, word gevonnis tot 'n termyn tronkstraf na die dood van haar man. Sy gaan die vrouegevangenis verneder binne. Daar word vir haar geteken soos vir 'n pakkie. Nou is sy omring deur tralies in haar kaal sel met 'n enkele elektriese gloeilampie teen die plafon. Sy leer ken 'n lewe agter tralies. Die tronk is vir haar nie net 'n plek van gebondenheid nie, maar ook 'n toestand - dis soos 'n grys wolf wat haar diepste menswees bedreig.

Die saamleef met haar medegevangenes, die bewaarderesse en ander personeellede is vir haar pynlik. Maar veel pynliker is die saamleef met haarself en haar gewete - want onder die meedoënlose lig van die gloeilamp in haar sel en voor die alsiende loergat in haar deur, worstel sy met God en haar gewete. Soos wat sy gestroop is van haar menswees, so staan sy uiteindelik gestroop voor die Hoogste Regter vir wie niks verborge is nie.

## 10.1 GEVANGENE AS INDIVIDU

Vanselfsprekend sal die verhaal aansluit by die gevangene se belangstelling en behoeftes omdat die verhaal afspeel in 'n milieu wat hom direk raak. Hy beleef saam met Salomien die krisissituasie van 'n sel:

> "Sy loop van een muur tot by die ander : ses treë as 'n mens doodgewoon loop. Omdraai, ses treë. Om die breedte te loop, help nie : dis minder as drie treë, en die bed is in die pad" (p. 16.)

Die beperking van Salomien se lewensruimte en die ingehoktheid wat sy ervaar, kom duidelik na vore in die bogenoemde aanhaling.

## 10.2 UNIVERSELE TEMA

Die tema in hierdie verhaal is universeel. Van die begin af word alledaagse gebeure beskryf wanneer Salomien terugdink aan haar verlede :

> "Ons moet madeliefies plant, Ernst. En 'n bietjie papawers - " (p. 3.)

Selfs die tronksituasie is universeel. Salomien kom agter dat daar 'n moontlikheid bestaan dat sy 'n korter vonnistermyn hoef uit te dien. Sy kry nuwe hoop, want 'n jaar is anders as agtien maande - dis iets wat sy in haar gedagtes kan hanteer. Dwarsdeur die verhaal kom die ondraaglikheid van gevangesetting na vore. Salomien staar swartes agterna wat voorrade vir die tronk bring :

> "Die naam van 'n groothandelaar is agter op hul werkspakke : hulle is vry. Hulle ry terug winkel toe, deur strate met motors en mense" (p. 60.)

Elke gevangene kan homself met hierdie gevoel van gebondenheid identifiseer.

## 10.3 KARAKTERS

Die karakterbeelding in die verhaal is eg en geloofwaardig. Die leser kan homself identifiseer met Salomien en haar belewing van die tralies rondom haar. Elke gevangene het deurgemaak wat sy deurgemaak het tydens die eerste dag in die tronk. Aan elkeen word 'n nommer en 'n tronksel toegeken. Almal ervaar die gebondenheid en opsluiting wanneer hulle tot die besef kom dat daar geen handvatsels aan die binnekant van die deure is nie.

Bloot die feit dat elke gevangene in dieselfde situasie van gevangenisskap is as Salomien, maak identifisering met die hoofkarakter maklik. Ook Salomien se mede-gevangenes word so geteken dat die leser hom met een van hulle sou kon identifiseer. Elkeen van die karakters word realisties geteken vanuit haar omstandighede en milieu voor sy in die tronk beland het. Elkeen se lief en leed word onder mekaar uitgeruil. Hierdeur ontstaan empatie met die karakters.

Die karakters in die boek is egter almal vroue in 'n gevangenis. Dit hou in dat manlike gevangenes moontlik nie met die karakters in die boek sal identifiseer nie. Hy kan hom wel met die gevangenissituasie wat in die boek beskryf word, identifiseer. Omdat identifikasie so 'n belangrike deel van die biblioterapeutiese proses is, kan hierdie feit meebring dat die boek nie vir alle lesers in 'n gevangenis geskik sal wees nie.

## 10.4 POSITIEWE AANBIEDING

Die moontlikheid om gevangesetting positief te verwerk kom na vore deur Jessie wat matriek skryf en slaag al is sy in die tronk. Die geleenthede is daar - dit hang egter van elke gevangene self af of hy dit gaan benut. Die feit dat Salomien 'n moord gepleeg het, word nooit goedgepraat nie, al is dit omstandighede wat daartoe aanleiding gegee het. Inteendeel, die verkeerdheid daarvan word selfs deur haar medegevangenes onderstreep :

> "Sy lyk verniet of fancy biscuits nie in haar mond kan smelt nie - sy't haar man geskiet!" (p. 35.)

Selfs Salomien se beste vriendin wat die omstandighede geken het wat aanleiding gegee het tot die skietvoorval, gee nooit te kenne dat Salomien onskuldig is nie. Dit wat reg en verkeerd is, kom baie sterk na vore in die verhaal. Selfs al tree die gevangene reg op volgens die reëls van die tronk, dan is dit steeds nie reg in die oë van die samelewing nie. Die leser kom dus agter dat om in die tronk te wees nie die aanvaarde norm van die samelewing is nie.

## 10.5 STIMULERING VAN VERBEELDING

In dié verhaal is daar minder geleentheid vir die leser om na 'n verbeeldingswêreld te ontvlug omdat hy kort-kort herinner word aan sy eie situasie in die gevangenis. Tog slaag die skryfster daarin om deur Salomien se herinneringe aan die verlede die leser se verbeelding vir kortstondige oomblikke vas te vang. Wanneer Salomien wonder of 'n nag en 'n dag ooit verbygaan in 'n tronk, probeer sy die tyd minder maak deur "agtertoe-aande" te onthou. Baie van die gevangenes het egter 'n verlede wat hulle liewer wil vergeet. Maar daar is byvoorbeeld beskrywings van die natuur en later ook 'n vooraf-belewenis van hoe 'n lewe van vryheid buite die tronk sal wees. Hierdie beskrywings gee aan die leser die geleentheid om op verbeeldingsvlugte te gaan.

## 10.6 VERGESTALTING

Salomien Wiid beleef nie net die vernedering en afgestrooptheid van haar uiterlike omstandighede nie, maar ook 'n innerlike wroeging met haarself en God. Sy word geteken as 'n ronde karakter met voortdurende groei en ontwikkeling wat plaasvind in haar karakter.

Ten spyte van vele probeerslae van personeellede en medegevangenes, is Salomien in die begin van die verhaal nie bereid om iets van haarself te gee nie :

> "Sy antwoord nie. Haar nag, haar hel, wil sy met niemand deel nie" (p. 21.)

Later in die verhaal raak sy meer toeganklik en deel sy spontaan iets van haar man mee aan die predikant wat haar besoek. Sy kom agter dat sy haar oor Pierro kwel ten spyte van die feit dat hy die oorsaak was van die skeuring tussen haar en Ernst. Sy verlang om hom teen haar vas te druk. Daar vind ook positiewe interpersoonlike kommunikasie plaas tussen haar en Engela, die bewaarderes. Salomien voel dat Engela haar waardigheid aan haar teruggee omdat sy in haar as mens belangstel. Maar Salomien het nog nie genoeg ontwikkel nie. Selfs tydens die uitpraatsessies trek sy haar terug tot ergernis van haar medegevangenes.

Die dae in die tronk word vir Salomien 'n eindelose sirkel. Sy is nog nie eerlik teenoor haarself nie en wil nie die gebeure rondom die skietvoorval in haar gedagtes herleef nie. Eers 'n jaar daarna terwyl sy steeds haar vonnis uitdien, op dieselfde dag van die voorval, begin die ommeswaai. Sy herleef die hele gebeurtenis en huil daaroor. Daarna kom die kentering. Sy is bereid om Pierro soos 'n eie kind te aanvaar. Sy verloor die veragting vir haar medegevangenes en net 'n diepe medelye met hulle bly oor.

Maar nog erger as haar worsteling met haar omstandighede is haar worsteling met God :

> "Roep Ernst se bloed God van die aarde af soos Abel s'n gedoen het - en daarom kan ek geen gesprek met Hom begin nie?" (p. 35.)

Dwarsdeur die verhaal word die worsteling van Salomien met God geteken. Sy soek antwoorde op haar dade en voel haarself verlate van God. Maar later kan sy aan die predikant meedeel dat die Bybel tog vir haar toegankliker word. Nog later kry sy dit reg om vir haar vriendin te bid, sonder voorbehoud, met geloof in wat sy bid. Sy roep tot Hom en Hy ontmoet haar by haar Jabbok. Dit word 'n worsteling wat nagte

aanhou. Sy kry egter geen antwoord nie. Die oorwinning kom wanneer sy net voor vrylating 'n wolf van papier wou vou. Dit moes 'n wolf wees wat vir haar simbolies was van die tralies wat haar vashou. Maar teen dagbreek hou sy 'n blou voël in haar hand. Sy het uiteindelik in haarself en in haar omstandighede oorwin. Wanneer die leser homself met haar as karakter geïdentifiseer het, sal hy saam met haar hierdie oorwinning kan vier. Dit beteken egter nog nie dat die leser in homself *sy* omstandighede oorwin het nie. Die boek kan egter meehelp in die leser se persoonlike stryd deur byvoorbeeld die moontlikheid van probleemoplossing in die vooruitsig te stel.

## 10.7 TAAL EN STYL

Die taal en styl van die verhaal slaag daarin om die verwarde gedagtes van Salomien weer te gee :

> "Daar is 'n nommer links naby die skouer, swart en prominent : 311. Trane skryn agter haar ooglede; ontsteld dwing sy dit terug. 'n Nommer is natuurlik nodig, en die rok is nuut al is dit blou. ("Die dag as jy blou dra klop ek jou, Mientjie : jy's 'n geel meisiekind, en 'n sagte groene..." (p. 9.)

Die "tronktaal" word ook effektief gebruik om die verhaal realisties en geloofwaardig voor te stel :

> "Hou haar verniet driewerf geluksalig," fluister Sally bitter. "In die hok tjank sy elke blessit nag oor haar kinders" (p. 18.)

Op bladsy vier en twintig word woorde effektief gebruik en gerangskik om die gevoel van tralies reg rondom Salomien uit te druk. Effektiewe woordkeuses word gebruik byvoorbeeld "ondraaglike witwarm dae". Salomien hou op 'n stadium dagboek van sommige dae in die gevangenis. Dit word dan ook in dagboekvorm in die verhaal geskryf. Die verhaal vorm 'n saambindende eenheid wat verstaan kan word ten spyte van die terugflitse in Salomien se verlede.

Die boek is nie vir alle lesers geskik nie vanweë die abstrakte beelde en metafore. Die minder gevorderde leser sal moontlik nie altyd verstaan waarop gesinspeel word nie.

## 10.8 MILIEU

Die milieu is die tronk en word geteken in al die grouheid en somberheid van 'n tronk:

> "'n Groot grys gebouekompleks links, 'n kleiner een regs. Tussenin stroke grys sement en wintervaal gras" (p. 3.)

Salomien se belewing van haar milieu word ook geteken :

> "Maar erger as dié geroetineerde, neerdrukkende werksure is die bewaarderesse wat daarna staan en wag om elkeen te deursoek. Veel erger is die uur in die binnehof waar die son wit brand en Johanna haar soos 'n brakkie volg terwyl die ander in hul tweë en drieë vriendskappe verbreek en nuwes sluit, aaiend om 'n glimlag by 'n bewaarderes rondstaan, met skielike histeriese vloeke 'n ander op haar plek sit...En die sel, altyd weer die sel." (p. 93.)

Die milieutekening dra daartoe by dat die leser hom met die karakters kan vereenselwig. Vir elke gevangene is die milieu oorbekend.

Die verhaal *Rondomtralie* voldoen aan al die norme vir biblioterapie wat in hierdie skripsie bepaal is. Omdat die gevangene homself in dieselfde situasie bevind as die hoofkarakter, kan identifikasie maklik plaasvind. Salomien word geteken as 'n ronde karakter met groei en ontwikkeling in haar persoonlikheid. Dit is veral belangrik by biblioterapie.

Sy beleef ook 'n katarsis. Salomien het tydens haar gevangesetting haarself nooit toegelaat om die gebeure rondom Ernst se dood te herleef nie. 'n Jaar later, op die ses en twintigste Mei, versoek sy die bewaarderes om haar te kom sê as dit sewe minute voor elf die aand is. Vir die eerste keer laat sy haarself toe om die gebeure te herleef. Wanneer die bewaarderes kom kyk of sy wakker is, huil Salomien. Sy huil die hele nag en die volgende nag kan sy weer huil. Salomien beleef 'n katarsis of suiweringsproses wanneer sy die emosionele spanning waarin sy verkeer, kon ontlaai deur te huil. Sy sien die gebeure in perspektief en kan ook in 'n mate besluit hoe om voort te gaan:

> "Die derde nag dink sy : Ernst is dood. Al wat oorbly, is sy kind : in hóm kan Ernst opnuut leef. In hóm kan ek Ernst altyd weer 'n bietjie terugvind" (p. 135.)

Sy skryf aan Pierro dat sy hom oor drie maande kom haal en dat hulle saam in die blou huisie gaan bly.

Die leser kan moontlik ooreenkomste tussen hom en Salomien en die situasie raaksien. Wanneer die leser sy eie situasie met dié in die boek vergelyk, kan hy ook die moontlikheid van probleemoplossing in sy eie unieke omstandighede ervaar. Daar kan dus 'n suiweringsproses by die leser plaasvind.

Die feit dat een mens nie 'n ander mens mag doodmaak nie, kom sterk na vore. Daardeur word die aanvaarde norm van 'n samelewing oorgedra. Daar word ook hoop gegee aan die gevangene. Die moontlikheid bestaan om 'n sinvolle lewe buite die gevangenis te lei, maar dan moet jy in jouself positief wees. Die verhaal laat ruimte toe vir 'n besprekingsessie met die oog op biblioterapie.

# HOOFSTUK 11 : ANALISE - *WINTERWERF IN DIE KAVANGO*

Die boek *Winterwerf in die Kavango*, geskryf deur Pieter Pieterse, is 'n geselsboek. Dit word in briefvorm geskryf aan 'n denkbeeldige kleinseun wat nog moet kom.

Pieter Pieterse en sy vrou, "die Ingilsman", het hulle karavaan wat *Die Spookhuis* heet, staangemaak in die Mahangowildtuin in die Kavango. Terwyl die roep van 'n visarend in sy ore klink, teken hy sy ervaringe op terwyl dit nog vars in sy geheue is sodat hy dit met sy kleinseun kan deel. Hy vertel vir Pieta van die ver paaie wat hy al geloop het, sy verwondering oor die mooiheid om hom èn hy vertel van die paaie van die hart.

Terselfdertyd pleit hy vir die behoud van die aarde en die plekke wat nog ongeskonde is, sodat dié mense wat na hom kom, nog die voorreg sal hê om dit te aanskou.

## 11.1 GEVANGENE AS INDIVIDU

Die verhaal kan moontlik aansluit by die behoeftes van 'n gevangene wat besig is met die uitdiening van 'n langtermynvonnis. Waarskynlik sal die gevangene 'n behoefte hê aan die ongebondenheid en vryheid van die natuur. Die feit dat die verhaal in briefvorm geskryf is, maak dit baie toeganklik vir die gevangene. 'n Brief is iets wat die gevangene mag skryf en ontvang. Die verhaal bied ook aan die gevangene wat nie daarvan hou om te lees nie, 'n oplossing. Hy hoef slegs een brief op 'n keer te lees, want elke brief is 'n storie op sy eie.

## 11.2 UNIVERSELE TEMA

Die feit dat die skrywer se kleinseun nog nie bestaan nie, maar slegs denkbeeldig is, maak die verhaal universeel. Die leser kan byvoorbeeld voel dat hy net sowel die ervaringe in die verhaal aan sy eie kind of kleinkind kon meegedeel het. Of die leser kan in sy verbeeldingswêreld voel hy neem die plek van die skrywer se kleinseun in:

> "Pieta,
> Jy ken my nie en ek ook nie vir jou nie. Behalwe in my gedagtes, bestaan jy nog nie eens nie. Tog, verlede Woensdag, op pad van Windhoek af hier na

die Manhangowildtuin waar ons nou die karavaantjie in die noordelike strepie van Suidwes-Afrika opgeslaan het, raak ek bewus van jou..." (p. 1.)

Verder word alledaagse gebeure beskryf, byvoorbeeld al is die skrywer en sy vrou in die natuur, moet hulle steeds werk om aan die lewe te bly :

"Toe ek eindelik klaar is, sien ek dat ek en die Ingilsman elke dag 'n stywe klomp ure agter ons ou masjientjies sal moet insit om die pot aan die kook te hou" (p. 13.)

Die skrywer spreek die versugting uit dat daar nooit oorlog moet wees nie. In die mooiheid van die natuur word die sinloosheid van oorlog onderstreep.

Die universele tema word verder versterk deur die tekening van amper die hele Kavango met alle soorte karakters, byvoorbeeld :

"'n Vrou met 'n bont kombers en geblomde kerkhoed,...; 'n grys ou man in stamdrag, wat hoed in die hand staan en duimgooi,...; laat op 'n Vrydagmiddag twee jong soldate in uniform,..." (p. 63.)

## 11.3 KARAKTERS

Die skrywer is self die hoofkarakter in die verhaal. Sy vertellings draai om ervaringe wat hy en sy vrou persoonlik beleef het. Die leser leer ken die skrywer as menslik en geloofwaardig. Hy kry byvoorbeeld soos enige ander mens, ook koud:

"- en hier sit ek en die Ingilsman nog steeds helder oordag, met voete wat binne-in ons skaapvelpantoffels kliphard gevries voel" (p. 51.)

Deur sy vertellings kom sy behoefte aan 'n kleinseun na vore :

"'n Mens wat vir my "Pieta" sal kan word en wat vir my "Oupa" sal kan sê" (p. 1.)

Dinge soos om sy kinders se verjaarsdae te onthou en aan hulle te dink is vir die skrywer belangrik. Hy raak ook somtyds hartseer en weet dan nie presies waaroor nie :

"Die Ingelsman het skemervroeg, toe ek wakker word, vir my gesing.... Ek was nogal bietjie hartseer. Maak sulke goed jou ook partykeer hartseer? Mens voel nogal verspotterig as jy vir iets hartseer word waaroor jy nie eintlik hartseer moet wees nie" (p. 6.)

Die skrywer het 'n fyn sin vir humor wat telkens in die briewe aan sy kleinseun na vore kom. Op 'n stadium het die skrywer 'n groot vleishonger en volgens hom is hoender darem nou nie heeltemal vleis nie. Met groot verwagting word daar na 'n voorradewinkel gesoek met die hoop dat daar vleis in die vrieskas sal wees :

> "Daar is toe nie 'n krieseltjie vleis in daardie vrieskas nie. Net hoenders. In hierdie plek gaan ek nog begin kraai, Pieta." (p. 6.)

Die leser leer die skrywer ken as iemand wat eenvoudig lewe sonder baie aardse besittings en met 'n groot liefde vir die natuur. Hy is byvoorbeeld bly oor 'n seekoei wat oorleef het. Hy is iemand wat die egte dinge in die lewe raaksien en wat gelukkig is. Hierdie lewenswysheid en vreugde wil hy graag met sy kleinseun, Pieta, deel.

## 11.4 POSITIEWE AANBIEDING

Die skrywer se liefde vir die natuur kom duidelik na vore in die briefwisseling met sy kleinseun. Daarmee saam spreek hy sy kommer uit oor die vernietiging van die natuur deur die mens, byvoorbeeld :

> "Plastiek het in my leeftyd maar eers in gebruik gekom. Maar ek weet nie of die mensdom van die hele Afrika hierdie kontinent ooit weer skoon gaan kry nie" (p. 20.)

Hiermee kry die leser die boodskap dat dit nie aanvaarbaar is om rommel rondom jou te strooi nie. Jy as mens vernietig die natuur.

Die briewe aan Pieta word die ideale manier om 'n positiewe boodskap aan die leser oor te dra sonder om prekerig te klink, byvoorbeeld :

> "Saggies trap op die klein stukkies aarde wat oorgebly het, Pieta" (p. 65.)

Dit kan 'n positiewe uitwerking op die leser hê omdat daar nie direk vir hom gesê word wat hy moet doen en nie mag doen nie. Met die lees van die verhaal word die leser in sy gewete aangespreek oor die lewende en tog geleidelik sterwende aarde. Moontlik besef die leser dat die mens self verantwoordelik is vir die vernietiging van alles wat mooi is rondom hom en dat elkeen sy klein deeltjie moet bydra om dit te voorkom.

## 11.5 STIMULERING VAN VERBEELDING

Die verhaal bied aan die leser geleentheid om hom weg te voer op 'n verbeeldingsreis. Wanneer die skrywer vertel dat hy in die winter noordwaarts neig agter die wild aan, noem hy die name van ver plekke soos Bandelierkop, Messina, Beitbrug en Mazabuka. Dit kan die belangstelling van die leser prikkel sodat hy wonder hoe dit daar lyk.

Of die leser kan hom vir 'n oomblik in die plek stel van Ian Allemann, die veearts, wat besluit het hy vat nou die pad. Hy is vry om te gaan waarheen hy wil en wanneer hy wil.

Die tekening van verskillende voëls in die natuur laat die leser wens dat hy dit self kon sien en die prag daarvan kon beleef :

> "Die wildheid wat in hierdie een is, daardie een se vryheid, 'n ander een se roep, nog een se lied, se kleur, se ver kyk... Wat kies jy?" (p. 31.)

## 11.6 VERGESTALTING

Omdat die karakter die skrywer is wat self aan die woord is, is dit vanselfsprekend dat daar nie karakterontwikkeling in die verhaal voorkom nie. As gevolg van die feit dat die skrywer self die karakter is, word identifisering daardeur bemoeilik. Dit is 'n nadeel dat daar nie karakterontwikkeling plaasvind nie.

Maar uit die skrywer se lewenservaring kom die leser agter dat daar reeds groei en ontwikkeling in die skrywer plaasgevind het as gevolg van al sy belewinge:

> "Maar elke mens behoort ook op 'n keer vir 'n dag of 'n week of 'n maand - twee jaar - te gaan sit om aan homself rekenskap te gee, om binne-in homself in te kyk en uit te vind wat dit is wat regtig vir hom saak maak" (p. 92.)

Die skrywer het besin en besef wat die egte dinge in die lewe is. 'n Mens hoef nie noodwendig aardse besittings om jou te vergader om gelukkig te wees nie. Dis geluk om byvoorbeeld die natuur se mooi te kan beleef. En om die beste van die lewe te maak, want elke mens leef net eenmaal.

## 11.7 TAAL EN STYL

Taal en styl word effektief gebruik om inligting en emosies oor te dra. Die skrywer deel sy ervaringe so lewendig mee dat die leser amper die natuur self sien en hoor :

> "Hoe vergeet jy die donker "koerk!" van die sku bloukuifloerie wat op 'n Soekmekaarse misweermôre uit die diepste nat ruigtes van die reënwoud waarsku? En die skynsel, soos 'n vermoede van iets wat liggies rooi kan wees, deur sy vlerke voor hy weer weg is en jy verslae staan en wonder : Was dit miskien net 'n droom?" (p. 31.)

Taal word ook gebruik om inligting oor te dra soos byvoorbeeld wanneer die skrywer 'n Boesman beskryf.

Die feit dat die verhaal in briefvorm geskryf is, kan moontlik beteken dat die leser (gevangene) se belangstelling meer geprikkel word as byvoorbeeld met 'n gewone verhaal. Vir die gevangene wat nie daarvan hou om te lees nie, bied dit die moontlikheid dat hy slegs een brief op 'n keer hoef te lees. Elke "brief" is geskryf om 'n afsonderlike geheel te vorm. Al die "briewe" saam vorm 'n eenheid met 'n duidelike boodskap dat die mens die natuur as kosbaar moet beskou; dit moet bewaar word vir die nageslag.

Elke brief word begin met 'n adres of ten minste met 'n datum wat die idee van briefwisseling onderstreep. Die skrywer onderteken elke brief in sy eie handskrif met die woorde " Jou Oupa". Dit maak die briefwisseling meer persoonlik.

## 11.8 MILIEU

Die milieu waarin hierdie verhaal afspeel, is die Mahangowildtuin wat in die verste hoekie van die Kavango teen die Botswanagrens lê. Hier het die skrywer en sy vrou hulle karavaan staangemaak vir die winter. Die skrywer gee in een van sy briewe aan Pieta 'n beskrywing van die kampplek. Maar meer nog is die milieu die vryheid van die natuur.

Die verhaal voldoen aan die biblioterapeutiese norme wat bepaal is. Die terapeutiese waarde lê veral daarin dat die gevangene oor die vrye natuur kan lees al kan hy dit as gevolg van sy situasie nie self beleef nie. Na vrylating is dit weer vir hom

moontlik om die wonder van die natuur te ervaar. Hierdie feit kan moontlik vir die gevangene 'n nuwe vooruitsig bied na sy vrylating. Die verhaal kan ook moontlik by 'n gevangene 'n belangsteling oor voëls wek.

Maar die belangrikste terapeutiese waarde is waarskynlik daarin geleë dat elke mens self besluit hoe hy wil lewe. Elkeen is self verantwoordelik vir sy eie geluk. Hierdie feit laat baie ruimte vir 'n besprekingsessie met die oog op biblioterapie.

# HOOFSTUK 12 : ANALISE - *FLUISTERGESPREKKE*

Die boek *Fluistergesprekke*, geskryf deur Junita Joubert, handel oor menseverhoudinge en in die besonder liefde tussen mense. Op die stofomslag van die boek kom die volgende woorde voor :

> "Omdat die liefde nie altyd uitsoekerig is nie, en dikwels onwys, ontkiem en floreer hy soms in barre grond en kwyn hy soms waar hy moes gedy. Daarom maak die liefde nie altyd 'n gelukkige storie nie, maar omtrent altyd 'n treffende en ontroerende storie."

Die liefde raak elke mens in sy diepste wese aan. Juis vanweë die afgeslotenheid en afgesonderheid van 'n gevangene se bestaan, het hy selfs 'n nog groter behoefte aan liefde. Daarom kan 'n boek oor liefde tussen mense biblioterapeutiese waarde hê.

Die karakters in die sketse is deurgaans ouer mense met herinneringe aan vervloë dae se lief en leed. Die meeste verhale word uit die perspektief van 'n kind vertel wat toevallig 'n feit te wete kom oor 'n persoon onder bespreking. Daarom is die titel van hierdie verhaal so gepas, want dit gaan inderdaad oor fluistergesprekke wat agter hande gevoer word.

## 12.1 GEVANGENE AS INDIVIDU

Die boek bestaan uit kort sketse oor gebeure rondom mense. Dié feit bring mee dat dit vir die leser wat nie baie van lees hou nie, meer toeganklik is. Hierdie boek kan moontlik gelees word deur 'n individu wat 'n behoefte het aan menseverhoudinge en sosiale interaksie wat ontstaan het as gevolg van sy geïsoleerde bestaan binne die gevangenismilieu. Maar omdat die verhaal onder andere ook moet aansluit by die ouderdom van die leser, sal die jonger leser moeiliker kan identifiseer met die karakters. Deurgaans word die ervaringe van ouer mense, wat spreek van 'n deurleefdheid, meegedeel. Hierdie deurleefdheid ontbreek by baie van die jonger volwassenes. Hiermee word byvoorbeeld bedoel dat 'n jonger leser moontlik nog nie die kortstondigheid van lewe besef nie :

> "Jy sal my ook nie glo nie - tot dit te laat is."
> "Te laat waarvoor?" Sy gesig het strak geword. "Om te lewe - onder andere." (p. 42.)

## 12.2 UNIVERSELE TEMA

Die feit dat die boek oor liefde handel, maak die tema universeel. Omdat die gevangene homself in 'n asosiale milieu bevind, is sy soeke na liefde, hetsy direk of indirek, baie groot. Die verhaal handel nie net oor romantiese liefde nie, maar veral oor liefdesteleurstellings, ongewenste swangerskap, ontrouheid, kindermishandeling en buite-egtelike verhoudings. Van die lesers het hulle dalk al in soortgelyke situasies bevind :

> "Ek wonder hoekom oom Josef altyd so snaaks is met Gerhard. Omtrent soos stief." (p. 13.)

## 12.3 KARAKTERS

Alhoewel die karakters eg en geloofwaardig uitgebeeld word, word die karakters en hul optrede as 'n terloopse vermelding genoem. Die leser kan homself dus nie werklik met die karakters identifiseer nie. Die inligting wat rondom karakters en gebeure gegee word, is te min om werklik die aandag vas te vang. Die leser sal dit terloops lees en moontlik geen aanklank daarby vind nie :

> "Toe hy sterf, onthou die mense meteens weer: van hom, en van haar. En 'n paar gaan na die begrafnis terwyl hul oë in die leë kerk bly soek tot hulle haar vind - haar en die kind, wat nou 'n jongman is." (p. 13.)

Identifikasie met die karakters is essensieel voordat die ander stappe in die biblioterapeutiese proses kan plaasvind.

## 12.4 POSITIEWE AANBIEDING

Daar is min vreugde in die grepe uit die alledaagse lewe wat in hierdie verhale geskets word. In elke skets is daar nostalgie en weemoed. Dit op sigself is nie noodwendig 'n negatiewe eienskap nie. Maar dit word nie in perspektief gestel deur 'n boodskap van hoop en moontlike geluk in die vooruitsig te stel nie. Die leser kan moontlik voel dat die lewe nie regtig sin het nie - dit besorg in elk geval net moeite en verdriet. Sulke negatiewe gedagtes moet ten alle koste by die gevangene voorkom word.

Dit is 'n boek vol suggestie. Dit word aan die leser self oorgelaat om afleidings uit die gegewe te maak. Daarom word 'n waardeoordeel oor wat reg en verkeerd is nooit duidelik uitgespel nie. 'n Voorbeeld hiervan is die verhouding tussen oom Koot en tant Arjana en die aangenome Lisa. Die feit dat Lisa haar pleegouers verlaat en sonder 'n woord verdwyn, word nie in perspektief geplaas nie, maar dit word aan die leser oorgelaat om sy eie afleidings te maak :

> "Wat sóú tog van die kind...
> Toe het sy meteens geweet - so helder asof sy dit deur glas aanskou. En niks het meer saak gemaak nie." (p. 24.)

Tydens die behandeling van 'n gevangene en met die toepassing van biblioterapie moet juis gepoog word om die gevangene se positiewe gesindheid ten opsigte van 'n ordelike gemeenskap te verkry. Dit moet duidelik uit die leesstof spreek en daarom is daar 'n leemte ten opsigte van hierdie feit in die spesifieke verhaal.

## 12.5 STIMULERING VAN VERBEELDING

As gevolg van die feit dat die sketse in die boek baie kort is en min inligting weergee, sal die leser dit moontlik net terloops lees. Hy vind moontlik geen aanklank daarby nie. Sy verbeelding sal dus nie sommer gestimuleer word nie. Sommige van die lesers kan moontlik ook belangstelling verloor juis as gevolg van die feit dat die gegewe so kripties oorgedra word, byvoorbeeld :

> "Lank voor sy dood was hy soos stof. Hy het alleen op die dorp aangekom. Hy het hom gevestig; daarna met sy verloofde gaan trou en haar saam teruggebring. Sy was mooi en trots en gaaf - en tog nooit só oop dat jy te ver kon inkyk nie. Sy moet reeds vermoed het..." (p.14.)

## 12.6 VERGESTALTING

In hierdie boek is daar nie sprake van karakterontwikkeling nie. Die boek is saamgestel uit sketse van verskillende karakters wat bloot bespreek word. In elke skets word 'n fluistergesprek of skandaal omtrent die betrokke karakters oopgevlek. Die groei in persoonlikheid word nie aan die leser oorgedra nie. Tog word elke karakter geraak deur die situasie waarin hy betrokke was en het dit 'n invloed op hom. Die leser kan tot die slotsom kom dat daar loutering by die karakters is vanweë hul ervarings. Maar die meeste van die sketse eindig met 'n weemoedige

ondertoon en die leser kan dalk daaruit die indruk van verganklikheid sonder doel kry.

## 12.7 TAAL EN STYL

In hierdie boek word gebruik gemaak van suggestie. Dit word aan die leser oorgelaat om die geheim agter elke gerug of fluistergesprek te ontdek. Die meer gevorderde leser sal moontlik meer waarde uit die boek put as dié leser wat nie altyd die ondertoon van die sketse begryp nie, juis as gevolg van die suggestie.

Die taalgebruik in hierdie boek is treffend. Met min woorde word relatief baie gesê, byvoorbeeld "Soon se gesig was nie lelik nie, net so sonder mooi." (p. 30.)

Die skrywer maak ook gebruik van onderbeklemtoning wat juis beklemtoon:

> "Party dae verlang ek terug - maar dis régtig mooi hier." (p. 64.)

'n Gevorderde leser sal egter moontlik makliker die fyner nuanses en suggestie in die sketse verstaan.

Die boek bestaan uit twee dele wat duidelik van mekaar geskei word deur twee opskrifte, naamlik *Fluistergesprekke* en *Verbode musiek*. Onder elkeen van hierdie opskrifte is 'n aantal sketse of fluistergesprekke ingedeel. Dit is nie altyd duidelik waarom een skets nie ook onder die ander opskrif kon tuis hoort nie. Die boek bestaan uit los dele of stories oor verskillende karakters wat nie noodwendig 'n verband met mekaar het nie. Maar omdat die sketse almal oor mense van een dorp handel, vorm dit 'n saambindende geheel.

## 12.8 MILIEU

Die milieu is 'n plattelandse gemeenskap waar almal nog iets van almal weet :

> "Sy ry die dorpie binne en verwonder haar oor hoe min dit verander het... Hier het almal mekaar geken en van dieselfde dorpsdam se water gedrink." (p. 16.)

Die karakters binne die milieu is die ouer mense met 'n leeftyd se lief en leed agter hulle. Vanweë hierdie milieu sal dit moontlik makliker wees vir die leser wat al ouer is en ook van die platteland kom om met die karakters te identifiseer. Die

milieu is egter nie net geografies van aard nie, maar word ook deur stemming oorgedra. Die toon van weemoed en verganklikheid is alomteenwoordig in die verhaal.

Tydens die analisering van die boek is daar tot die slotsom gekom dat dit wel geskik is as leesstof, maar dat die boek nie geskik is vir biblioterapeutiese doeleindes nie. Die feit dat 'n leser homself nie so maklik met die karakters in die sketse kan identifiseer nie, hou in dat die ander stappe in die biblioterapeutiese proses nie kan volg nie. Daar word ook nie klem gelê op karakterontwikkeling nie. Dit is juis belangrik vir biblioterapie dat 'n gevangene met 'n karakter moet identifiseer waar karakterontwikkeling plaasvind. Dit is nodig omdat die behandelingsprogramme in die gevangenis juis gerig is op die persoonlikheidsontwikkeling en -hervorming van 'n gevangene.

Die leser kry ook nêrens 'n boodskap van hoop uit die sketse nie. Dit kan maklik lei tot moedeloosheid en 'n soeke na die sin van die lewe by die gevangene. Vir suksesvolle vrylating moet daar gepoog word om 'n positiewe lewensuitkyk by die gevangene te bewerkstellig sodat hy as individu in die vrye gemeenskap kan aanpas.

Tydens die lees van die boek is daar min geleentheid vir die leser om sy verbeelding vrye teuels te gee. Die taalgebruik is ook nie altyd vir enige leser maklik verstaanbaar nie. As leesstof sal hierdie boek moontlik meer tot 'n sekere groep vroue as tot 'n groep mans spreek. Hierdie spesifieke boek is gekies as voorbeeld omdat dit nie voldoen aan die gestelde norme vir biblioterapie in 'n gevangenis nie. Hiermee word die belangrikheid van keuring van die leesstof met die oog op biblioterapeutiese waarde beklemtoon.

# HOOFSTUK 13 : BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

## 13.1 BEVINDINGS

Een van die doelstellings van die Departement van Korrektiewe Dienste is die suksesvolle vrylating van 'n gevangene. Dit impliseer dat persoonlikheidsontwikkeling en -hervorming by die gevangene plaasgevind het sodat hy as goedaangepaste individu weer by die gemeenskap kan inskakel. Die doelstelling word bereik deur behandelingsprogramme in die gevangenis.

Deur die suksesvolle toepassing van biblioterapie kan daar moontlik 'n positiewe verandering in houding en gedrag bewerkstellig word. Dit pas dus in in die raamwerk van behandelingsprogramme in gevangenisse. Die betekenis daarvan kan in die volgende agt bevindings saamgevat word :

13.1.1 Daar bestaan wel Afrikaanse leesstof wat vir biblioterapeutiese doeleindes aangewend kan word, alhoewel daar nog groot leemtes in hierdie verband voorkom. Vanuit 'n biblioterapeutiese oogpunt verskil die gevangene as individu nie werklik van die individu buite die mure van die gevangenis nie. Daarom behoort daar nie ooglopende verskille te wees ten opsigte van die seleksie van leesstof nie. Enige leesstof wat in 'n openbare biblioteek op die oop rak beskikbaar is, behoort ook geskik te wees vir 'n gevangene. Daar moet egter op gelet word dat enige leesstof nie noodwendig biblioterapetiese waarde het nie.

13.1.2 Opvoedkundiges in die Departement van Korrektiewe Dienste wat betrokke is by behandelinsprogramme, is tans verantwoordelik om toe te sien dat geskikte leesstof beskikbaar gestel word in gevangenisbiblioteke. Hierdie leesstof word nie vanuit 'n biblioterapeutiese oogpunt geselekteer nie.

13.1.3 Norme is bepaal vir die beoordeling van leesstof met die oog op biblioterapeutiese waarde (vergelyk hoofstuk 8). Die genoemde norme hoef nie noodwendig deurgaans te geld vir alle leesstof nie, maar spesifieke boeke kan wel volgens genoemde norme geëvalueer word as leesstof met biblioterapeutiese waarde.

13.1.4 In die Departement van Korrektiewe Dienste word die terapeutiese waarde van leesstof in 'n mindere of meerdere mate besef. Dit word afgelei uit die daarstelling van die gevangenisbiblioteek. Daar word ook in die dagprogram van 'n gevangenis onder andere voorsiening gemaak vir biblioteekbesoeke. Tans is dit die gebruik in gevangenisse dat gevangenes die biblioteek mag besoek as deel van 'n voorregteprogram.

13.1.5 Weerbaarwordingsprogramme in die gevangenis is gerig op die aanvaarde sosiale norme en waardesisteem van 'n gemeenskap. Deur middel van lesings en besprekings word gepoog om 'n bydrae te lewer tot die hervorming van 'n gevangene.

13.1.6 Alhoewel jeugdiges tydens gevangesetting andersoortige behandelingsprogramme ontvang as volwassenes, hoef biblioterapie nie noodwendig verskillend op die twee groepe toegepas te word nie. Die leesstof hoef ook nie noodwendig jeuglektuur te wees nie, want die jeugdige lees al volwassenelektuur.

13.1.7 Gevangenisbiblioteke word tans beman deur gevangenes self. Die implikasie is dat hulle, sonder die nodige opleiding, 'n belangrike opvoedkundige diens moet lewer. Daar kan dus nie sprake wees van biblioterapie nie.

13.1.8 Gevangenisbiblioteke word tans deur gevangenes gebruik vir ontspanning en tydverdryf, sowel as vir studiedoeleindes. In eersgenoemde geval geld die reeds genoemde biblioterapeutiese norme. Studie verg benewens bogenoemde ook vakkundige leiding. Dit stel hoë eise aan 'n bibliotekaris waaraan in die huidige situasie moeilik voldoen kan word. Die ideaal sou wees dat die bibliotekaris saam met vakkundiges in spanverband leiding kan gee. Dit hou egter baie implikasies in. Hierdie probleem val buite die bestek van hierdie studie en behoort nagevors te word.

'n Gevangenissituasie skep die ideale geleentheid vir die toepassing van biblioterapie omdat die gevangene vier en twintig uur van elke dag daar moet deurbring. Al word slegs daarin geslaag om die gevangene vir 'n kort tydjie uit sy

gevangenissituasie na 'n verbeeldingswêreld te laat ontvlug, dan het die leesstof reeds terapeutiese waarde gehad.

## 13.2 AANBEVELINGS

Uit bogenoemde bevindings is daar probleme geïdentifiseer wat met aanpassings reggestel kan word. Hiermee kan 'n bydrae gelewer word tot die daarstelling van 'n biblioterapeutiese diens aan gevangenes. Leesstof moet geredelik beskikbaar gestel word in ooreenstemming met die behoeftes en belangstellings van gevangenes. Die gevangene behoort die geleentheid te kry om leesstof te benut en ook om 'n vrye keuse van leesstof te hê. Leesstof behoort ook nooit afgedwing te word nie, al het dit ook biblioterapeutiese waarde. Die volgende word aanbeveel :

### *13.2.1 AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN DIE TEORIE*

- Daar word aan die hand gedoen dat biblioterapie aan gevangenes ondersoek word en dat die nodige stappe gedoen word om dit in te stel.

- Daar word aan die hand gedoen dat die norme wat aangedui is, deur die opvoedkundiges wat verantwoordelik is vir behandelingsprogramme, as riglyn gebruik word vir die evaluering van biblioterapeutiese leesstof.

### *13.2.2 AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN DIE PRAKTYK :*

- Omdat die voorregteprogram vir gevangenes, wat betref biblioteekbesoek, nie in alle opsigte aan biblioterapeutiese vereistes voldoen nie, word daar aan die hand gedoen dat besoeke aan die biblioteek nie as 'n voorreg beskou moet word nie, maar dat dit geïmplementeer word as deel van die behandelingsprogramme wat die Departement van Korrektiewe Dienste daarstel.

- Daar word aanbeveel dat 'n opgeleide bibliotekaris 'n gevangenisbiblioteek moet beman sodat die nodige leserleiding met die oog op biblioterapie aan gevangenes gegee kan word. Die bibliotekaris moet die belangstellings, behoeftes, intellektuele vlak en geletterdheid van elke gevangene as individu

in aanmerking neem by die volvoering van hierdie taak. Elke gevangenisbiblioteek hoef nie noodwendig sy eie bibliotekaris te hê nie, maar dit kan volgens die huidige stelsel van streeksbibliotekarisse toegepas word. Hiervolgens is 'n streekbibliotekaris verantwoordelik vir 'n streek wat ingedeel is in dorpe, met elke dorp sy eie biblioteek. Dieselfde stelsel kan by groter en kleiner gevangenisbiblioteke toegepas word.

- Hiermee saam word aanbeveel dat gevangenes steeds self in die biblioteek behulpsaam kan wees as deel van hulle behandelingsprogram, maar dat hulle slegs hulpdiens sal lewer onder leiding van 'n opgeleide bibliotekaris. Dit gee aan die gevangene 'n gevoel van verantwoordelikheid en eie waarde.

- Daar word aanbeveel dat biblioterapeutiese besprekingsessies geïmplementeer word by die weerbaarwordingsprogramme in die gevangenis. Dit kan moontlik 'n bydrae lewer tot die hervorming van 'n gevangene.

# BIBLIOGRAFIE

ANONIEM (Oud-Gevangene). 1990. Mondelinge mededeling aan outeur. Potchefstroom.

ALSTON, E.F. 1962. Bibliotherapy and psychotherapy. *Library trends*, 11(2):159-176, Oct.

BARTOL, C.R. & BARTOL, A.M. 1986. Criminal behaviour : a psychosocial approach. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall. 347 p.

BERRY, F.M. 1978. Toward a research basis for the distinction between educational/humanistic and clinical modes of bibliotherapy. (*In* Monroe, M.E., *ed.* Seminar on bibliotherapy. Proceedings of Sessions, June 21-23, 1978 in Madison, Wisconsin. University of Wisconsin-Madison. p. 1 - 22.)

BOSCH, J.G.S. 1987. Penitensiêre penologie. Potchefstroom : Pro Rege. 275 p.

BRYAN, A.I. 1939. Can there be a science of bibliotherapy? *Library journal*, 64(22):773-776, Oct.

CELLIERS, I.J. 1983. Biblioterapie vir alkoholiste en dwelmafhanklikes. *Humanitas*, 9(2):196-209.

CORNETT, C.E. & CORNETT C.F. 1980. Bibliotherapy : the right book at the right time. Bloomington, Indiana : Phi Delta Kappa. 45 p.

CUNNINGHAM, W. 1985. Prison libraries - an escape route? *Artes Natales*, 4(4):18-22, Oct.

GORELICK, K. 1975. "Great literature" as a teaching tool in the education of mental health professionals. *Libri*, 25(2):138-143.

HOAGLAND, J. 1972. Bibliotherapy : aiding children in personality development. *Elementary English*, 49(3):390-394, Mar.

HORNE, E.M. 1975. A look at bibliotherapy. *Special libraries*, 66(1):27-31, Jan.

HOWIE, M. 1983. Bibliotherapy in social work. *British journal of social work*, 13:287-319, June.

HYNES, A.M. & HYNES-BERRY, M. 1986. Bibliotherapy : the interactive process - a handbook. London : Westview Press. 274 p.

JOUBERT, J. 1989. Fluistergesprekke. Kaapstad : Human & Rousseau. 84 p.

KRUGER, S.M.M. 1990. (Assistentstadsbibliotekaresse). Mondelinge mededeling aan outeur. Pretoria.

LOUW, D.A., VAN HEERDEN, T.J. & SMITH, P.R. 1978. Kriminlogiewoordeboek. Durban : Butterworth. 112 p.

LUNDSTEEN, S.W. 1972. A thinking improvement program through literature. *Elementary English*, 49(4):505-512, Apr.

MATTHEE, C.G. 1990. AK ontwikkelingsprogramme. *Nexus*:4-7, Jul.

MONROE, M.E. 1969. Services in hospital and institution libraries. *ALA bulletin*, 63(9):1280-1283, Oct.

MONROE, M.E. 1978. An orientation to the bibliotherapeutic process for librarians. (*In* Monroe, M.E., *ed.* Seminar on bibliotherapy. Proceedings of Sessions, June 21-23, 1978 in Madison, Wisconsin. University of Wisconsin-Madison. p. 167-180.)

MONROE, M.E. & RUBIN, R.J. 1975. Bibliotherapy : trends in the USA. *Health and rehabilitative library services*, 1(2):15-17, Oct.

NAUDé, C.M.B. & STEVENS, R., *reds.* 1988. Misdaadvoorkomingstrategieë. Pretoria : Haum Opvoedkundige Uitgewery. 252 p.

NESER, J.J., *red.* 1989. Penitensiêre penologie : perspektief en praktyk. Johannesburg : Lexicon. 341 p.

PARDECK, J.A. & PARDECK, J.T. 1984. Young people with problems : a guide to bibliotherapy. Westport, Conn. : Greenwood Press. 176 p.

PIETERSE, P. 1989. Winterwerf in die Kavango. Kaapstad : Tafelberg. 113 p.

RETIEF, H.J.M. 1978. Die leesgedrag en biblioteekbehoeftes van 'n groep blanke langtermyngevangenes in Suid-Afrika. Pretoria. 243 p. (Thesis (D.Bibl.) - Unisa.)

ROUSSEAU, J.F. 1986. Die geskiedenis van rehabilitasie in die Suid-Afrikaanse Gevangenisdiens. *Nexus*:6-9,32, Apr.

RYAN, M.J. 1957. Bibliotherapy and psychiatry. *Special libraries*, 48(5):197-199, May/Jun.

STEENBERG, E. 1988. Rondomtralie. Pretoria : De Jager-Haum. 144 p.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1959. Wet op Gevangenisse, no. 8 van 1959. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Gevangenisse. 1987. *Staande gevangenisdiensorder afdeling B*, 31 Desember. Pretoria.

SUID-AFRIKA (Republiek). Suid-Afrikaanse Gevangenisdiens. 1989. Jaarverslag van die Direkteur-generaal vir die tydperk 1 Julie 1988 tot 30 Junie 1989. Pretoria : Staatsdrukker. 89 p. (RP 47/1990.)

SUID-AFRIKA (Republiek). 1990. Wysiging van bylae 1 by die Staatsdienswet, 1984 (Wet no. 111 van 1984). *Staatskoerant*, 12925:1, Des. 21.

SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS. Taalkommissie. 1991. Afrikaanse woordelys en spelreëls. Kaapstad : Tafelberg. 393 p.

VAN DER LINDE, E.L. 1986. Biblioterapie met kinders uit enkelouergesinne. Johannesburg. 213 p. (Skripsie (MA) - RAU.)

VAN DER LINDE, E.L. 1988. Biblioterapie met kinders uit enkelouergesinne. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir Biblioteek- en Inligtingkunde*, 56(4):260-265, Des.

VAN DER WALT, P.J., CRONJé, G. & SMIT, B.F. 1982. Kriminologie : 'n inleiding. Pretoria : HAUM. 270 p.

## LYS VAN VOORBEELDE VAN VERHALE GESKIK VIR BIBLIOTERAPIE MET GEVANGENES

BECKER, J. 1984. Kom na my tuin... Johannesburg : perskor. 211 p.

DEIST, F. 1981. Skep moed en leef. Pretoria : Van Schaik. 68 p.

DE VILLIERS, I. L. 1983. Depressie : die siekte van ons tyd. Kaapstad : Tafelberg. 104 p.

DE VILLIERS, I. L. 1990. Net om jou 'n drukkie te gee. Kaapstad : Tafelberg. 147 p.

MAARTENS, M., *samest.* 1988. Ses wenverhale. Kaapstad : Human & Rousseau. 95 p.

MURRAY, E. 1987. Plekkie in die son. Pretoria : Daan Retief. 318 p.

NORTJE, P. H. 1971. Aan die sonkant. Kaapstad : Tafelberg. 167 p.

NORTJE, P. H. 1975. Nuut onder die son : sketse uit die lewe van 'n gesin. Kaapstad : Tafelberg. 136 p.

SCHOLTZ, J. 1975. Die kwikstertjie. Kaapstad : Human & Rousseau. 156 p.

STANDER, B. 1973. Ek en my kinders. Kaapstad : Tafelberg. 93 p.

STEYN, E. 1989. Tweeling van 'n ribbok. Kaapstad : Tafelberg. 113 p.